


TAKE



SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS

HOE BEPLAN EK 'N PROJEK?

ORDEN JOU GEDAGTES SÓ – ONS WYS JOU HOE

Kry jou gedagtes agter mekaar

- Lees die opdrag versigtig
- Maak doodseker jy verstaan die onderwerp voor jy wegspring.

Begin jou navorsing

- Soek jou feite op die regte plekke
- Gebruik betroubare bronne wat akkurate inligting verskaf

Skryf dit in jou eie woorde

- Moenie inligting sommer net herhaal nie
- Skryf jou idees neer op jou eie manier en in jou eie woorde
- Moenie te slim probeer klink nie
- Maak seker die inligting pas by die opdrag
- Is al die feite in 'n logiese volgorde?

Rond jou projek nou af

- Kontroleer die titel en inhoudsopgawe

- Nommer die bladsye
- Het al die foto's onderskrifte?
- Waar het jy jou feite gekry? Stel 'n bronnelys op
- Ten slotte - Maak seker jou blaarie is netjies en in die regte volgorde.

MAAK JOU EIE BREINKAART


- Neem 'n skoon bladsy. Begin deur 'n klein sirkel in die middel te trek. Skryf die titel of opdrag van jou skooltaak daarin neer. Dit is jou **oorspronklike idee**.
- Werk jou navorsingsinligting deur en identifiseer die **hooftemas** wat met jou oorspronklike idee te doen het. Trek nou 'n paar sirkels om jou oorspronklike idee-sirkel en skryf die hooftemas daarin neer.
- Neem elke hooftema en identifiseer kleiner **subtemas** wat daarmee te doen het. Trek kleiner sirkels om elke hooftema-sirkel en skryf jou subtemas daarin neer.

Jy mag hierdie boksies kopieer, skuif, vergroot, uitvee, net wat jy wil! Pas dit aan by jou!



Die kunstenaar en skrywer Hans Anton Aschenborn ([1 Februarie 1888 – 10 April 1931](#))

was bekend vir sy skilderye en illustrasies van diere in Suid-Afrika en Duitsland (sien ouer Duitse Thieme-Becker of Saur kunsensiklopedies, daar is ook 'n doktors tesis gedoen oor Hans Anton Aschenborns se grafiese werk in die bekende kultuurtydskrif 'Lantern' van 1965 – sien III onder). Hy, [Sangiro](#) en [Pierneef](#) was vriende. Aschenborn het illustrasies gemaak vir Sangiro se 'Uit Oerwoud en Vlakte' en sy 'Sketse uit die Oos-Afrikaanse Dierewêrld'. Aschenborn se eie boeke soos 'Onduno und andere Tiergeschichten' en 'Satan und andere afrikanische Erzählungen' is in Afrikaans vertaal. In [1916](#) het hy die teks vir die lied "Heia Safari" geskryf.



[Uli Aschenborn](#)

Die kunstenaar **Uli Aschenborn** (*Hans Ulrich Aschenborn*) is in 1947 in [Johannesburg Suid-Afrika](#) gebore III 14I.

Sy pa Dieter Aschenborn en sy oupa Hans Anton Aschenborn (of Hans Aschenborn) is albei bekende kunstenaars in Suider-Afrika I2I I3I II2I. Ook is Uli een van die bekendste **kunstenaars** van [Namibië](#) en soos sy pa en oupa bekend veral vir **dinamiese diereskilderye** en **landskappe van Afrika** I8I I9I IIII. Daar is in Windhoek ook 'n Aschenbornstraat. Uli wat in Aachen [Duitsland](#) lewe, begin ook alhoemee bekend raak in [Europa](#) IIII.

Uli geniet aansien as 'n **restoureerde** van Afrikaanse en Europese skilderye, en het ook 'n paar merkwaardige **muurskilderye** in Namibië gedoen (soos by Düsternbrook, Okapuka, die Cañon Lodge, Kings Den en meer). Hy het ook al verskeie hekke ontwerp I9I.

Uli kyk terug op 'n suksesvolle loopbaan as kunstenaar en die feit dat hy talte nuwe, interessante tegnieke ontwikkel het om 'n verskeidenheid skilderye, beelde en voorwerpe te skep wat voor jou oë van voorkoms kan verander. Die media beskryf dié innovering as "Uli Aschenborn's Amazing Changing Art" I9I IIII.

Uli se nuwe werk - wat 2006 in die [Nasionale Kunsgalerij van Namibië](#) in [Windhoek](#) uitgestal was - bestaan onder meer uit sy innoverende beeld wat om 'n aslyn draai. Die silhoeët vertoon dus 'n verandering. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is 'n roterende beeld in silhoeëtvorm wat die voortdurende verandering van 'n jong dame na 'n ou vrou uitbeeld, of 'n aap wat in 'n mens omskep word. Dit word selfs duideliker uitgebeeld wanneer hierdie sogenaamde 'Morfo-Skulpture' verlig word sodat die skaduwees op 'n muur val (sien video links bo) 181.

Tot Uli se nuwe werk behoort ook **poli-aspek skilderye**. Van hierdie werke roteer om 'n aslyn en kan van verskillende kante bekyk word. Elke kant beeld 'n verskillende tema uit. Sommige vertoon kleiner voorwerpe in verskillende lae uit wat soos 'n legkaart saamgestel is. Dit kan baie ingewikkeld wees, soos die been van 'n vrou wat terselfdertyd die voorkop van 'n man kan wees, of dalk die neus van iets anders, en so voorts (sien heel onder) 181.

Nog 'n rits werke is helder **tekeninge wat onder glasstene** montereer is. Uit elke oogpunt verander die enkele beeld in iets heeltemal anders. Een daarvan is 'n vis wat lyk asof hy onder water swem. Afhangend van hoe dit gedraai word, lyk dié vis eers vriendelik, dan kwaad, dan skrik hy, op 'n stadium gaap hy selfs oopmond (sien foto onder) 181.

Toekennings

- 1964 Wenner van die "Kunswedstryd [Suidwes-Afrika](#)"
- 1978 Borchers-toekenning

Uitstellings (keuse) III

- 1993 "Afrika & „Komper-Kuns“ Galery Artelier [Windhoek \(Namibië\)](#)
- 1999 "[Afrika](#)" Port Andrat's ([Mallorca](#))
- 2005 "Morphs" gelyktydig in die twee galerye FAH en HAF in [Maastricht \(Nederland\)](#)
- 2006 "Morphs" [Nasionale Kunsgalerij van Namibië](#) in [Windhoek \(Namibië\)](#)
- 2007 "Aschenborn – Retrospektive Kendzia Galery", [Windhoek \(Namibië\)](#)
- 2007 "Retrospektive" in die Hexagone Galery in [Aken \(Duitsland\)](#)
- 2008 "Afrika" Kendzia Galery, [Windhoek \(Namibië\)](#)
- 2009 "Out of Afrika" - Uli Aschenborn – Malmedé Galery, [Keulen \(Duitsland\)](#)
- 2009 "Afrika - Uli Aschenborn" - Artedomus, [Parys \(Frankryk\)](#)


Groepuitstellings (keuse) III

- 1965 "3 Generasies Aschenborn" [Windhoek \(Namibië\)](#)
- 1975 en 1976 gekies deur 'n jurie vir die "Winter Uitstalling" [Suermondt-Ludwig-Museum Aken](#) (Duitsland)
- 1979 "Fotos vanuit drie Perspektiewe", Atrium [Aken \(Duitsland\)](#)
- 2007 "Teëls" [Ludwig Forum vir Internasionale Kuns](#) in [Aken \(Duitsland\)](#)
- 2009 "20 Jare Galery Hexagone" [Aken \(Duitsland\)](#)

Bronnels en verwysings - Eksterne skakels

- [III Lewensbeskrywing van Uli Aschenborn gevind by die duitse 'BBK' \(dit is die grootste organisasie van kunstenaars in Duitsland\) - Lys van sy uitstellings](#)
- [121 Hans Anton Aschenborn op die Engelse wikipedia](#)
- [131 Dieter Aschenborn op die Engelse wikipedia](#)
- [141 Uli Aschenborn op die Engelse wikipedia](#)
- [151 Namibiese Duitse tydskrif Allgemeine Zeitung](#)
- [161 Tydskrif in Duitsland met sommige skilderye](#)

- I7| Duitse tydskrif
- I8| Namibiese tydskrif Republikein
- I9| Namibiese tydskrif Republikein
- I10| Namibiese tydskrif Republikein
- I11| Namibiese tydskrif New Era
- I12| Namibiese Lewensbeskrywings
- I13| Namibiese Duitse tydskrif Allgemeine Zeitung
- I14| Tydskrif in Duitsland
- I15| Namibiese tydskrif Republikein met sommige van Uli Aschenborn se kunswerke
- I16| Duitse Galery in Keulen met sommige van Uli Aschenborn se etse



Marlene Dumas

Marlene Dumas (gebore [3 Augustus 1953](#) in [Kaapstad, Suid-Afrika](#)) is 'n Suid-Afrikaans gebore kunstenaar wat sedert [1976](#) in [Amsterdam, Nederland](#) woon en werk. Sy kombineer elemente van Ekspressionisme met konsepsuele kuns in ink en waterverf werke en olie op doek skilderye.

Marlene Dumas het in [Kuilsrivier](#) groot geword en by die [Hoër Meisieskool Bloemhof](#) in [Stellenbosch](#) skool gegaan. Sy het daarna by die [Universiteit van Kaapstad](#) studeer van [1972](#) tot [1975](#) waar sy 'n BA in beeldende kuns verwerf het. Sy het daarna in [1976](#) na [Nederland](#) geëmigreer waar sy by die [Ateliers '63](#) in Haarlem gewerk het.^{[11](#)}

Dumas het spoedig internasionale sukses bereik. In [1982](#) het sy op 29-jarige ouderdom aan [Documenta VII](#) in Kassel deelgeneem. Sy het solotentoonstellings in van die wêreld se voorste galerye en museums gehad soos die Tate in Londen ([1996](#)), die Pompidou-sentrum in [Parys](#) ([2001](#)) en die Museum vir Eietydse Kuns in New York ([2002](#)). In [1995](#) het sy Nederland op die Venesiese Biënnale verteenwoordig. Op [8 November 2007](#) is haar eerste soloutstalling in Suid-Afrika, getiteld *Intimate Relations*, by die [Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum](#) in Kaapstad geopen. Die uitstalling skuif later na [Johannesburg](#) waar dit van [6 Februarie](#) tot [29 Maart 2008](#) in die Standard Bank-galerij vertoon sal word. In [2008](#) word 'n solotentoonstelling van haar werk in die Museum vir Moderne Kuns in [New York](#) gehou.^{[12](#)[13](#)}

Die doel van haar werk is om die verhouding tussen kuns, vroulike modelle en selfs pornografie uit te beeld. Die beginpunt van baie van haar werk is Polaroidfoto's van haar vriende en minnaars. Sy gebruik ook tydskrifte en pornografiese materiaal. Marlene Dumas skilder ook portrette van kinders en erotiese tonele.^{[14](#)}

In Februarie [2005](#) is haar skildery "Die Onderwyser" wat sy in [1987](#) geskilder het vir 'n rekordprys van \$3,34 miljoen deur die afslaers Christie's in [Londen](#) verkoop. Die skildery vertoon 'n uitbeelding van 'n geposeerde klasfoto.^{[15](#)}

Eksterne skakels [[wysig](#)]

- [website Marlene Dumas](#)
- [Zeno X Galery - Marlene Dumas](#) beelde, biografie en cv.
- [Die Saatchi Galery - Marlene Dumas](#), galerij in Londen met beelde, inligting, teks en 'n biografie van Marlene Dumas
- Die dokumentêre program 'Miss Interpreted' volg Dumas se aktiwiteit vir 'n periode van ses maande terwyl sy vir 'n uitslalling voorberei wat sodoende intieme insae in haar werk en idees vertskaf. Dit is beskikbaar by [DocsOnline](#)

Verwysings [[wysig](#)]

- I. ^[MARLENE DUMAS \ INTIMATE RELATIONS](#), Jacana Media, Roma Publications,
2. ^[Rapport, Menswees deur die oë van Dumas](#) deur Cobus van Bosch, Besoek op 15 Desember 2007
3. ^[iziko, current exhibitions](#), besoek op 15 Desember 2007
4. ^[Frith Street Gallery, MARLENE DUMAS](#), Besoek op 15 Desember 2007
5. ^[The New York Times, Marlene Dumas's Number Comes Up](#), Besoek op 15 Desember 2007



ANN NOSWORTHY



Ann Nosworthy in 2008

Ann Nosworthy (gebore Anna Margareta Uys) is 'n Suid-Afrikaanse Impressionistiese skilder wat in [Constantia](#), [Kaapstad](#), woon. Sy is twee keer deur die Suid-Afrikaanse Kunstenaarsvereniging as olieverfskilder van die jaar genomineer.

In [1936](#) was sy die sewende inskrywing op die dag dat die [Laerskool Groote Schuur](#) in [Rondebosch, Kaapstad](#), gestig is, nadat haar moeder, wat 'n lidmaat van die [NG gemeente Rondebosch](#) was, te hore gekom het van die stigting van 'n Afrikaansmediumskooltjie in die onafrikaanse suidelike voorstede. Na sy haar laerskoolopleiding eers in die NG kerksaal en daarna in die skool se tweede tuiste, die herehuis Forest Lodge, voltooi het, was sy 'n jaar lank 'n leerling aan die [Hoerskool Jan van Riebeeck](#) tot sy na die [Hoër Meisieskool La Rochelle](#) op [Stellenbosch](#) gegaan het.

Haar eerste solo-uitstalling was byna uitverkoop en dié wat daarop gevolg almal so te sê ook. Sy word geïnspireer deur plattelandse tonele en die see. Buiten haar huis in [Constantia](#), het sy ook jare lank al 'n vakansiehuis op [Blouwaterbaai, Saldanha](#), waar sy baie van haar werk doen.



NELSON MANDELA ART

Original Lithographs by Nelson Mandela

"My Robben Island" is the title of artwork by ex-president and Nobel Laureate Nelson Mandela.

The Robben Island series was sketched and completed by Nelson Mandela between March and June of 2003. The series is made up of 21 charcoal sketches and subjects from Robben Island. They are images that Mr. Mandela found deeply meaningful during the period of his incarceration on the island.

The sketches have been executed in simple black charcoal lines with selected elements highlighted in pure pastel colours. The symbolism behind Nelson Mandela's choice in use of line, colour and composition is significant. Colour has significant symbolic value African culture and it is this, and the simple use of line, that plays a dominant role in all the drawings.

"My Robben Island Series 1", consists of an edition of 500 signed and numbered colour lithographs and 50 artists proofs, made from hand-drawn colour separations by Nelson Mandela. The series consists of "the Cell, the Window, the Artists Motivation, all in portrait format, measure 650mm x 500mm full paper size, unframed. "The Lighthouse, The Church, and The Harbour" are presented in landscape format

"My Robben Island Series 2", "The Tower Mandela's walk, The Courtyard, The Tennis court and The Ward" each consist of an edition of 350 signed and numbered colour lithographs and 25 artists proofs, made from hand drawn colour separations by Nelson Mandela. Each lithograph is presented with a commissioned photograph and hand written motivation.

The processing proofing and printing of the series was done under the supervision of the Michaelis School of fine art, University of Cape Town by Prof. Stephen Inngs and Tamarind Master Printer Ernestine White assisted by Russel Jones. All the printing materials and plates were destroyed on completion of the printing of the lithographs. Proceeds of the sales of the lithographs are distributed to programmes and projects that Nelson Mandela personally supports.

The Cell. The Cell is a lithograph of the cell that became a home for Nelson Mandela; 27 years of his life were spent here after he was convicted under the Apartheid regime for terrorism.



Mandela

The Window. This is a symbolic representation of Table Mountain from Nelson Mandela's prison window. Table Mountain presented a hope to the prisoners of freedom. The mountain could not be seen from Mr Mandela's window but the lithograph presents, vividly, that envisioned freedom.



Mandela

The Motivation. Through the eloquent words of Nelson Mandela an insight is given into the life he led while imprisoned and the hope he wishes to express through his art. A part of The Motivation reads; "In these sketches...I have attempted to colour The Island sketches in ways that reflect the festive light in which I view it.

In my sketch book at Robben Island I use it as a celebration of the struggle and a symbol of the finest qualities of the human spirit, rather than as a record of the brutalising and oppressive of apartheid.


Robben Island is a place where orange, red and yellow is the color of choice. Light, a clear warm golden light as I believe when it comes from the sun over Africa is a clear golden orange and illuminates certain faces and human spirit.

It is true that Robben Island has some gloom, of course, but out of that gloom there can be a wonderful brightness, light so bright it can't stand out in the darkness. Robben Island water, cold, dark by a prison does not in my imagination seem gloomy.

In these sketches I reflect; by Robben Island, Cape Town and other far-flung sketches in ways that reflect the festive light in which I view it. This is what I would like to show with people around the world and hopefully also reflect the wonderful ones. The most fantastic dreams can be achieved if we are prepared to dream big.


Mandela

The Church. A refuge for the prisoners of Robben Island, The Church was an encouraging anchor in the often troubled



Mandela

times of imprisonment.



Mandela

The Harbour. The only contact with the outside world came via the harbour. Through letters and news from those on board the ships the prisoners received scraps of news which buoyed their hearts.

The Lighthouse. The Lighthouse kept all ships away from the dangerous rock shelves which surround Robben Island but to the prisoners it was a constant reminder of where they were and how impossible escape was.



Mandela



My Robben Island Series 2

The Ward

Part of the hand written motivation By Nelson Mandela reads: "The hospital I have sketched here served as a vital and secret link between us and the rest of the world.

Through the hospital, news about our families, our friends, the struggle and everyday events outside the prison would trickle through. It became one of our most important lifelines to the outside world.

The Tennis Court

Part of the hand written motivation by Nelson Mandela reads: ".....we painted the cement courtyard surface to create a traditional tennis court layout. Strangely, Robben Island was the first opportunity for me to play tennis since university....."



The Courtyard


Part of the hand written motivation by Nelson Mandela reads: "the courtyard in Robben Island prison was an unfriendly, empty and barren place.

It was a somber reminder of where I was. From the beginning of my imprisonment I asked to start a garden to change this....."



The Tower

Part of the hand written motivation by Nelson Mandela reads: "in the prison, the towers looked over us throughout the day. In this sketch I have attempted to pull together the two elements that overshadowed our lives for so many years: the towers and the ever restraining barbed wire....The use of more cheerful colours in the sketch is my way of presenting how we feel today



Mandela's Walk

Part of the hand written motivation by Nelson Mandela reads: "we worked the quarries for thirteen years as part of our hard labour sentence.

It was hard work, but we did not mind, as it meant we could leave the prison compound and have the "freedom" to walk and talk together on the long road to the quarry.



Impressions of Mandela

Colour left hand

A lithographed impression of Nelson Mandela's left hand with handprints of children. Edition size 500. Also available in black.



The Right hand

A lithographed impression of Nelson Mandela's right hand displaying "Africa in the palm of his hand." From an edition of 1000 signed and certified lithographs.



Illustrated Long Walk to Freedom

Leather bound and personally signed by Nelson Mandela. This item includes four commissioned photographs.
Edition size—950



Bars and Key, also called "freedom"—an exact replica in bronze, of the key to Nelson Mandela's Robben Island cell is mounted below the bars, symbolizing freedom after 27 years in prison.

Edition size 3000. All signed personally by Nelson Mandela.


Struggle Series™

The Struggle Series

A collection of five charming line drawing tracings and one handwritten motivation by Nelson Mandela.

They depict the various stages of our country's development and the direct influence that Nelson Mandela has brought from "struggle, imprisonment, freedom, unity and future."

Each line drawing lithograph has a printed signature with the motivation having been personally signed by Nelson Mandela.
Edition size 950.





BETTIE CILLIERS-BARNARD

Bettie Cilliers-Barnard (distrik [Rustenburg](#) 18 November 1914 – [Pretoria](#) 15 September 2010) was 'n gevierrede Suid-Afrikaanse skilder en is tot haar dood beskou as die doyenne van plaaslike kunstenaars. Buiten in haar geboorteland het sy ook in [Parys](#), [Switserland](#), die [VSA](#) en die [Verenigde Koninkryk](#) gestudeer.

Sy het in 1937 'n BA aan die [Universiteit van Pretoria](#) verwerf en in 1940 aan die [Universiteit van Suid-Afrika](#). Later jare volg eredoktorsgrade van onder meer die [Universiteit van Pretoria](#) (2002), die [Randse Afrikaanse Universiteit](#) (1999) en die [Universiteit van Potchefstroom](#) (1990).

Cilliers-Barnard hou haar eerste solo-uitstalling in 1946 in [Pretoria](#). Sy het aan verskeie biennale wêreldwyd en meer as 70 solouitstellings deelgeneem, waarvan etlike ook in die buiteland vertoon is. Die groepuitstellings waarby haar werk binneland sowel as buiteland ingesluit is, tel meer as 150.

Haar opdragwerke sluit onder meer die Provinciale Gebou in [Pretoria](#) en [Bloemfontein](#), die ou Jan Smuts-lughaweterminal, die Gesondheidsdepartement, [Staatsteater](#) en [Pretoriase Ooginstituut](#) in.

Cilliers-Barnard is met meer as 20 toekennings vereer, onder andere:

- Goue Medalje vir Skilder - Transvaalse Akademie vir Wetenskap en Kuns, [Johannesburg](#)
- Meritesertifikaat - XIe Grand Prix International d'Art Contemporain, [Monte Carlo](#)
- Erepenning vir Skilder - [Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns](#)
- Kanselliersmedalje - [Universiteit van Pretoria](#)
- Staatspresidentstoekenning vir Eervolle Diens
- Certificate of Merit for Distinguished Achievement, The World Who's Who of Women
- Commemorative Medal of Honour - American Biographical Institute
- World Decoration for Excellence - American Institute (Biographical)
- The "First Five Hundred", International Biographical Centre of Cambridge, [Verenigde Koninkryk](#)
- "Women of the Year" - International Biographical Centre of Cambridge

Sy was lewenslange lid van die Grand Council of the ConFed of Chivalry, [Australië](#) en vollid van die [Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns](#).

PERSOONLIKE LEWE [[WYSIG](#)]

Sy was die dogter van Johannes Christoffel en Johanna Wilhelmina Barnard, getroud met Carel Hancke Cilliers en die moeder van die aktrise [Jana Cilliers](#).

'N TOEGEWYDE KUNSTENAARSKAP

2010-09-17 23:23

- Artikelopsies
- Deel
- Kry Die Burger op



Bettie Cilliers-Barnard in 2008. Foto: Lisa Hnatowicz [bettie.cilliers-barnard.1914?-?2010](#)

[Foto's](#) · [Lesersfoto's](#) · [Nuus in Foto's](#) [Stuur vir ons jou foto's](#) · [Stuur vir ons jou foto's](#)

Kaapstad – Die kunstenaar Bettie Cilliers-Barnard is Woensdag oorlede. Renée Rautenbach, 'n jarelange vriendin, bring aan haar hulde.

Bettie Cilliers-Barnard was altoos 'n petite vrou met 'n kragtige, ondersoekende gees. Sy is in haar interessante huis teen die koppie van Menlopark waarin sy vir meer as 60 jaar gewoon het, oorlede, omring deur haar geliefde pragtuin.

Die vermaarde, vereerde kunstenaar van Pretoria wat op 18 November 96 jaar sou word, laat die plaaslike kunswêreld,

haar familie en vriende met 'n merkwaardige erven na.

Elizabeth Petronella Barnard is in 1914 in die distrik Rustenburg gebore, die vyfde kind van sewe.

Haar pa, Johannes, het uit die distrik Carnavon as transportryer in Transvaal kom werk. Ná die Anglo-Boereoorlog (hy was 'n krygsgevangene in Bermuda) is hy met Johanna Conradie van Rustenburg getroud en het op haar familiegrond begin boer.

Bettie Cilliers-Barnard se fyn "Fransheid", verwonderdheid oor haar groter omgewing, toegewydheid aan haar naastes en matelose werkdissipline het van haar 'n bewonderde kunstenaar, ma, ouma, grootjie en vriendin gemaak.

Haar liefde vir Parys het in 1948 begin toe sy ná 'n ruk in Nederland daar gaan studeer het. Sy is daarna vyf keer vir korter periodes terug na Parys en is in 1998 – 50 jaar ná haar eerste besoek – terug op die ouderdom van 84 jaar.

Om saam met haar (in bittere koue) op haar ou spore te loop, was meer as 'n voorreg: van die akademie in Montparnasse tot die litografiese ateljee in die Marais waar sy gewerk het, kon sy elke straatnaam, metrostasie, gebou en kafee van die pad aandui en 'n staaltjie vertel.

As een van die stigterslede van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging en aktiewe betrokkene van die Kunsvereniging Pretoria was Bettie Cilliers-Barnard belangstellend en inspirerend vir jong kunstenaars. Haar kennersoog is vir jare ingespan om uitstalwerke met presisie en perfeksie te hang.

Sy sal onthou word vir haar aansporing vir jong kunstenaars, veral dat beeldende kuns harde werk is en dat 'n mens nie net bloot kan wag vir inspirasie nie. Sy was ook grootliks gemoeid met die aankoop van die SA Kunsvereniging se woonstel vir belowende kunstenaars in die Cité des Arts in Parys.

Die handtekening van Bettie Cilliers-Barnard is vir meer as ses dekades al tekenend van nie-figuratiewe skilderkuns in Suid-Afrika. Haar werk verteenwoordig ons land wêreldwyd; sy is talle kere nasionaal en internasional vereer, het 77 solo-uitstallings gehad en aan talle groepuitstallings deelgeneem.

'n Oorsigtelike uitstalling van haar werk in die Universiteit van Pretoria (waarmee sy 'n lewenslange lojale verbintenis gehad en waar sy 'n ere-doktorsgraad ontvang het) se versameling is in April vanjaar onder die titel Vlerke Binne Tydllose Ruimte op die hoofkampus gehou. Hierdie titel kan as tekenend van haar as mens en kunstenaar beskou word: sy het haar omgewing, werk en mense om haar sonder begrensing beskou en was tydloos, ouderdomloos.

Die groot ruimte van die heelal het haar altyd gefassineer en die behoefté aan 'n "wegwêrelde" (om haar eie woord te gebruik) verplasing was dikwels teenwoordig. Sy het graag haar sin vir ruimtelikheid aan haar kinderjare se wye horizon met die Pilanesberg op die agtergrond toegeskryf.

In 1996 het 'n boek deur Muller Ballot oor haar werk verskyn en in 2006 is 'n bygewerkte weergawe in Engels as Bettie Cilliers-Barnard: Towards Infinity gepubliseer.

1?n Gedenkdiens word op Donderdag 23 September om 12:00 in die NG gemeente Pretoria-Oos in Stellastraat, Brooklyn, gehou.

JAN VOLSCHENK



Aandgloei: Die Langeberge by Riversdale (Mozambiquerskop) (1927)



Widdringtonia nodiflora, Heather (1918)



Mistige oggend in die [Langeberg](#) (1916)

Jan Ernst Abraham Volschenk (gebore Riversdal-distrik, [20 Augustus 1853](#) – oorlede [Riversdal, 22 Januarie 1936](#)) was die eerste [Suid-Afrikaanse](#) kunstenaar wat hom voltyds aan die [skilderkuns](#) gewy het. Die onderwerpe van sy skilderye kom byna almal uit die Riversdal-omgewing in die tydperk vanaf 1870.

[versteek]

- [1 Kinderjare](#)
- [2 Opleiding](#)
- [3 Styl, kleur, tegniek, onderwerpe](#)
- [4 Professionele loopbaan](#)
- [5 Karakter, belangstellings](#)
- [6 Volschenk-gesin](#)
- [7 Vera Volschenk en Elaine Hayward](#)
- [8 Volschenk se bekendste werke](#)
- [9 Volschenk leef voort](#)
- [10 Bibliografie](#)

KINDERJARE [[WYSIG](#)]

Volschenk is op die plaas Melkhoutkraal gebore. As jong seun was hy reeds vroeg by die boerdery as skaapwagter betrokke. Plaasskole het daardie jare daar nog nie bestaan nie en sy onderrig het bestaan uit Bybelonderrig en basiese lees-, skryf- en rekenvaardigheid. Met sy tekeninge in die sand en op klippe van die omringende berge en die plaslike plante openbaar hy 'n besondere tekenaanleg. Dit het veral die aandag getrek van landmeter James Reitz op sy besoek aan die plaas. Met die gevolg dat Volschenk op 13-jarige ouderdom ingeskryf word as leerling aan die pasgestigte Hoër Seunskool op Riversdal. Na sy skoolloopbaan tree Volschenk as boekhouer in diens van prokureur Gysbert Reitz, broer van die landmeter, by die firma Reitz en Versfeld op Riversdal.

OPLEIDING [[WYSIG](#)]

In sy vrye tyd lees Volschenk wyd oor die skilderkuns, bekyk skilderye en eksperimenteer met die penseel. 'n Sesmaande-lange reis in 1893 bring hom in verskeie [Europeese](#) lande. Hy besoek talryke kunsgalerye en bekyk hul kunsskatte. Met die oog op moontlike hoëvlakonderrig spreek hy 'n [Belgiese](#) meester. Daar kry hy die onverwagte advies om voort te gaan op sy reeds ingeslane weg en om nie formele opleiding te ondergaan nie. Volschenk se enigste werklike kunsonderrig was dus die kursesse wat hy as leerling volgens die normale skoolleerplan ontvang het.

STYL, KLEUR, TEGNIEK, ONDERWERPE [[WYSIG](#)]

Omdat Volschenk homself in die skilderkuns onderrig het, kan hy moeilik by 'n groep skilders met 'n bepaalde styl ingedeel word. Na sy uitgebreide Europese besoek het sy gebruik van kleur merkbaar verander. Voorheen was dit baie donkerder en na sy besigtiging van skilderye van die Impressioniste was daar 'n bepaalde invloed deur die groep in sy werk merkbaar. Sy latere skilderye was lichter van kleur met flou pienk, oranje, blou, grys en pers. Tipiese kleure van sy omgewing wat hy gebruik, is die mistige blou, silweragtige grys en rosige vlaktes. Verder gebruik hy donker rooi en pers tinte en lig op die berghellings. Kenners bespeur 'n ooreenkoms tussen sommige van Volschenk se werke en [Duitse](#) kunstenaars van sy tyd. Volschenk het die natuur so getrou as moontlik op die doek probeer vasvang. Sy tegniek was eenvoudig. Veral opvallend was sy smal verfhale. Sy onderwerpe was meesal uit sy omgewing: [Langeberg](#), Riversdal, [Boland](#), [Klein Karoo](#), 'n lae oggendson, see, aalwyne, pienk heide, wolke. Sy nalatenskap lê veral in sy uitbeelding van die landskap van die Suid-Kaap.

PROFESSIONELE LOOPBAAN [[WYSIG](#)]

Die jaar 1879 kan beskou word as die begin van Volschenk se professionele loopbaan as landskapskilder. Toe neem hy vir die eerste maal en slegs met 4 skilderye deel aan 'n uitstalling in [Kaapstad](#). Sy bekendheid het van toe af stadig toegeneem en kunskopers het by hom aan huis gekom om skilderye te koop. In 1904 word hy die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar wat hom voltyds aan die skilderkuns wý. Sedert 1914 raak sy werke landswyd gewild, veral ook deur die bemarking deur die firma Lezard. Sy werke het belangstelling en 'n liefde vir skilderkuns by die Suid-

Afrikaanse publiek gewek. Gevolglik word hy in 1931 verkies tot erelid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

KARAKTER, BELANGSTELLINGS [[WYSIG](#)]

Volschenk was 'n beskeie, beminlike en verdraagsame persoon. Daarby was hy oplettend en noukeurig. Die karaktertrek lei daartoe dat hy 'n versameling van 4 000 verskillende kewersoorte opgebou het. Dit het soveel buitelandse belangstelling gewek dat hy moes kies tussen 'n loopbaan as kunsskilder of insektekundige. Ook die heraldiek het sodanig sy belangstelling geprikkel dat hy as 'n kenner beskou is. Houtwerk, houtsnywerk en tuinmaak was sy stokperdjies. Vir jare lank was hy ere-sekretaris van die skoolkomitee van die plaaslike Hoër Meisieskool. Die Volschenk-gesin was betrokke by hul gemeenskap en by feestelike geleenthede het Volschenk die leiding geneem in dorpsverfraaiing.

VOLSCHENK-GESIN [[WYSIG](#)]

Die 44-jarige Volschenk trou in 1898 met Helen(a) Smalberger, 'n meisie van die plaas De Draai net buite Riversdal. Uit die huwelik is nege dogters gebore wat almal 'n kunstalent geopenbaar het. In die gees van die tyd was die Volschenk-gesin se huistaal oorwegend [Engels](#).

VERA VOLSCHENK EN ELAINE HAYWARD [[WYSIG](#)]

Volschenk se oudste dogter Vera is op [11 Mei 1899](#) te Riversdal gebore. Ook sy het 'n bekende skilder geword met 'n styl wat verrassend veel met die van haar vader ooreenkom. Sy skilder ook dieselfde onderwerpe. Vera het haar opleiding in [Grahamstad](#) ontvang en is daarna dosent aan die destydse onderwyserskollege op [Oudtshoorn](#). Na haar egskeiding vestig sy haar op [Silbaai](#) en hou gereeld uitstellings. Haar dogter Elaine Hayward (later bekend as Helene Volschenk Hayward en na haar troue as Helene Volschenk Gerrand) het haar moeder en oupa se kunstalent geerf. Sy leer die fynere tegniek van die skilderkuns by 'n kunsskool in [Londen](#). Vera Volschenk sterf op [20 April 1987](#) en haar dogter Elaine (gebore 1924) enkele dae later op [26 April 1987](#).

VOLSCHENK SE BEKENDSTE WERKE [[WYSIG](#)]

I.Plaashuisie, distrik Riversdal (1912); 2.Berg, Riversdal (1915); 3.Gemengde plantegroei om die voet van die Langeberge (1932); 4.Bergpad, Riversdal (1932); 5.Mosbegroeide rotse, Riversdal (1934); 6.Oggendglooi op die Drakensteinberge, Daljosafat (1935); 7.Dagbreek in die Karoo; 8.Groot Drakensteinberge; 9.Sonderendrivier; 10.'n Appelkoosboord op Wellington; II.'n Stellenbosse wyngaard op die plaas Bon Foi; 12.Aalwyne; 13.Berge en aalwyne; 14.Skape; 15.Aandglooi (1927); 16.Seetoneel; 17.Bergsipresse (1918); 18.Huis op die heuwel; 19.Bainskloof

VOLSCHENK LEEF VOORT [[WYSIG](#)]

Jan Volschenk leef nie net voort in sy werke wat landswyd in verskeie kunsgalerye vertoon word nie. Laerskool Volschenk en Volschenkstraat, beide op Riversdal, dra sy naam. In 1978 het die poskantoor 4 [posseëls](#) uitgegee met skilderye van Volschenk. Op die eerstedagkoevert wat saamgegaan het met hierdie posseëls is ook 'n foto van die skilder. Volschenk lê begrawe in die begraafplaas aan die suidekant van die nasionale pad [N2](#) wat deur Riversdal gaan.

DAVID KUIJERS

David Kuijers is 'n [Suid-Afrikaanse skilder](#).

Kuijers is gebore op [30 Maart 1962](#) in [Vanderbijlpark](#), naby [Johannesburg](#). Sy ouers is Nederlandse immigrante. Sy pa was ook 'n kunstenaar en het David van 'n vroeë ouerdom aangemoedig om te teken en te skilder. Hy voltooi sy opleiding aan die Skool vir Kuns, Musiek en Ballet in [Pretoria](#). In [1980](#) behaal hy 'n onderskeiding in grafika sowel as die beste skilder van die jaar toekenning aan die skool. Nadat hy 'n kort tydperk as 'n letterskilder gewerk het, het hy 'n grafika ontwerpersdiploma aan die Kaapstad Technikon voltooi met illustrasie as hoofvak. Hy graduier in [1989](#), en die ondwerper/illustreerder meriete sertifikaat word aan hom toegeken.

Kuijers het 'n tyd as vryskut ontwerper en illustreerder gewerk maar is nou 'n voltydse kunstenaar.

BRAND EIS BEKENDE SKILDER

2010-08-26 12:02

- Artikelopsies
- Deel
- Kry Beeld op

Thinus Dippenaar

Kaapstad. — Die kunstenaar Ferrie Binge (84) is in haar woonstel dood toe 'n verwoestende brand op die derde verdieping van die St. Martini Gardens-woonstelle in die Tuine uitgebreek het.

Die brand het eergister omstreeks 23:30 begin.

Noordiensbeamptes het deur die nag gewerk om die brand te blus.

Binge kon nie gered word nie en is weens die hitte en rook dood, het paramedici gesê.

Ander inwoners is vir rookinseming behandel.

Niemand anders is dood nie. Die oorsaak van die brand is nog onbekend.

Haar dood is 'n groot skok vir almal, het 'n familievriend, mnr. Jan du Toit, gisteraand gesê.

Haar seun, die bekende rolprentvervaardiger Herman Binge (wat getroud is met die aktrise Joanie Combrink) was gisteraand van Windhoek na Kaapstad op pad.

Binge was getroud met wyle dr. Ludwig Binge, kultuurattaché in Nederland, en is in 1968 met die beroemde kunstenaar Christo Coetzee getroud.

Sowat 120 van haar skilderye is op haar 80ste verjaardag by die Hoëskool Jan van Riebeeck in die stad uitgestal.

"Sy was 'n onvoorwaardelike vriendin. Sy het nooit tussen mense onderskei nie. Sy was 'n spontane skilder en het sonder enige beperkinge geskilder," het Du Toit gesê.

Binge het by geleentheid oor haar kleurgebruik gesê: "Het jy al ooit gesien hoe veldblomme hulself in kleure rangskik?"

Sy word ook deur oorleef haar kleinseuns Ludwig en Laurie.


Begrafenisreëlings is nog nie getref nie.

Frans Oerder (1867-1944), Hollander van geboorte, word as die 'Vader' van skilderkuns in Suid-Afrika beskou en dit is daarom goed dat sy kuns - portret, landskap en stilewe - verteenwoordig is. Van hom is daar tekeninge en olieverfskilderye, maar die mooiste stuk is ongetwyfeld 'Stillewe', 'n ruiker fyn Hollandse veldblommetjes in 'n swaar eenvoudige koperpot teen 'n donker agtergrond.

Oerder is in Rotterdam gebore en het as jong man vir 'n paar jaar na Suid-Afrika gekom. Vir dertig jaar was hy weer in Europa, hoofsaaklik in Holland, maar het sy laaste jare in Suid-Afrika deurgebring en is in Pretoria oorlede.

'n Suid-Afrikaanse kunstenares wie se faam buite haar landsgrense gestrek het, is Irma Stern (1897-1966) Van haar is daar verskeie werke in die Versameling maar die uitstaande is die portret 'Maleiermeisie', waarin bruin, geel, groen en rooskleurtinte oorweeg. Die Maleierbevolking het vir Irma Stern en vir ander Suid-Afrikaanse kunstenaars meermale geïnspireer. 'n Ander kenmerk van die Versameling, waarin Suid-Afrika se voorste kunstenaars deur hul beste werke verteenwoordig word, is ook dat die onderwerp dikwels tipies Suid-Afrikaans is.

Neem nou maar vir Pierneef. Jacob Hendrik Pierneef (1886-1957) het op aanmoediging van Oerder kunsopleiding aan die Rotterdamse Akademie gaan geniet. Hy was landskapskilder, ook nie net skilder van die Suid-Afrikaanse landskap in die algemeen nie, maar veral van dié van die Laeveld van Transvaal en die omgewing van Pretoria. 'Landskap met Berge', 'n olieverfskildery in sy vroeë styl waaruit sy bewondering vir Hugo Naudé, 'n ouer landskapskilder blyk, en 'Plaas nabij Derdepoort' in die kenmerkende Pierneef-styl is daarom baie mooi



Walter Battiss het in 1964 die Erepenning van die Akademie ontvang en is 'n Suud-Afrikaanse kunstenaar wat geruime tyd reeds in die buiteland erkenning geniet. Die twee-dimensionele neiging en helder kleur verleen 'n sterk dekoratiewe karakter aan sy werk. Hiervan is 'Aandmark in Afrika', 'n olieverf - skildery 50×50 cm groot, 'n goeie voorbeeld.

toevoegings tot die Sanlam-versameling.

Van Hugo Naudé (1869-1941) is daar 'n gevoelvolle landskappie uit die Bolandse omgewing van Worcester waar die kunstenaar lewenslank gewoon het, getitel 'Breeërivier'.

Volschenk (1853-1936), Suid-Afrika se eerste professionele kunstenaar, was ook in Bolandse boerseun wat by uitstek die landskap van sy omgewing geskilder het, aanvanklik in die donker kleure en romantiese gees van die negentiende eeuse Europese skildertradisie. Die Sanlam-landskap 'Uitsig langs die Vetrivier' is 'n baie goeie voorbeeld van sy vroeë styl, voordat hy in Europa die werk van die Impressioniste leer ken het en sy palet lichter geword het. 'n Mens sou graag ook 'n later Volschenk, in sy kenmerkende styl, hiernaas vertoon wou sien.

Nà Oerder, Volschenk, Naudé en Pierneef volg daar in die Suid-Afrikaanse kuns ander landskapskilders. 'n Mooi Kaapse landskap van die Hollands-gebore Pieter Wenning sou die Versameling baie verryk. Nietemin, deur die landskappe wat wel vertoon is - soos 'Maan en Skaduwees' van Bertha Everard (1873-1965), 'Umdonipark, Suidkus, Natal' van Edward Roworth (geb.

[p. 125]



Maleier-meisie van Irma Stern, 'n olieverfskildery 59×49 cm. groot, is in bruin, geel, groen en rooskleurtinte uitgevoer en is een van die mooiste stukke in die Sanlam-versameling.

1880), 'Constantia-landskap' van Enslin du Plessis (geb. 1894), die landskappe van Gregoire Boonzaier (geb. 1909) en van Paul du Toit (geb. 1922) onderskeidelik, en 'Bok in die Veld' van Gordon Vorster (geb. 1924) kon die besoeker aan die tentoonstelling hom 'n sketsmatige idee van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse skilderkunstradisie in hierdie genre vorm, deur die stylrigtings van die Realisme, die Impressionisme en die Ekspressionisme soos in gewysigde vorm hier te lande beoefen. Met hulle individuele style het kunstenaars ook tot genoemde stylrigtings bygedra in hulle uitbeelding van tonele langs die Suid-Afrikaanse kus, by die hawens, uit die lewe van die vissersgemeenskap. In dié verband is voorbeeldelike in die Versameling baie interessant, soos 'Ou Kaapse Visser' van Dorothy Kay (1886-1964), 'Durban-landskap' van Clement Seneque (1897-1930), 'Vishawe, Kaapstad' van Alfred Krenz (geb. 1899), 'Vissersmense' van Maurice van Essche (geb. 1906), 'Onrusrivier' van Francois Krige (geb. 1913), 'Huisies by Arniston' van Terence McCaw (geb. 1913), en 'Vissersdorp, Waenhuiskrans' van Marjorie Wallace (geb. 1925).

Skilderye soos 'Skemer' ook van Maurice van Essche, 'Terugkeer van die Myne' van Nerine Desmond (geb. 1908), 'Blommeverkoopsters' van Eleanor Esmonde-White (geb. 1914), 'Perde-oefening' van Carl Büchner (geb. 1924), en 'Sirjaalman en Ertstreine' van Alexander Podlashuc (geb. 1930) - is tonele tipies van Suid-Afrika.

Die Inboorling het sedert Frans Oerder se dae sy ikonografiese plek in die Suid-Afrikaanse kuns en twee mooi voorbeelde in die Sanlam-versameling is 'Naturellekop' van Fritz Krampe (1913-1966) en 'Hereros' van Otto Schröder (geb. 1913).

Nà Frans Oerder het heelwat Suid-Afrikaanse kunstenaars met mooi stillewes voor die dag gekom. Die mooistes van Sanlam is seker 'Twee Potte' van Florence Zerffi (1882-1962), 'Proteas' van Alice Tennant (geb. 1887), 'Stillewe met Rooi Blom' van Jean Welz (geb. 1897) en 'Suurlemoene' van Frank Spears (geb. 1906). Die dekoratiewe 'Proteas' van Pranas Domsaitis (1880-1965) is 'n verdienstelike stillewe, maar 'n mens sou baie graag hierdie kunstenaar ook deur een van sy tipiese Karoo-landskappe in die Sanlam-versameling verteenwoordig wou sien.

Dat Sanlam se keuse nie net tot tradisionele kuns beperk is nie, blyk uit 'n paar stukke van kontemporêre kunstenaars soos 'Opdrag' en 'Aandmark in Afrika' van Walter Battiss (geb. 1906) en 'Reverie Bleue' van Maud Sumner (geb. 1902) waarin 'n sterk neiging tot die dekoratiewe en nie-figuratiewe voorstelling bespeur kan word. Beide hierdie kunstenaars se faam het reeds verby Suid-Afrika se landsgrense gesprei.

Hoewel die Versameling gekritiseer is omdat belangrike Suid-Afrikaanse skilders nog nie met goeie voorbeelde van hul kuns daarin verteenwoordig word nie, moet onthou word dat die Versameling steeds deur nuwe aankope aangevul word, wat in die toekoms hopelik ook beeldhouwerk sal insluit sodat die beeldende kuns in Suid-Afrika volledig gedek sal word.

Riena van Graan



Jean Welz se *Stillewe met Rooi Blom* is onder andere op die Sanlam-kalender vir 1969 afgedruk en het sodoende aan baie mense groot genot verskaf. Dit is 'n olieverfskildery, 39×50 cm. groot. Jean Welz is tans een van Suid-Afrika se mees gesogte kunstenaars. Die Erepenning vir skilderkuns van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is onlangs aan hom toegeken.

JACOBUS HENDRIK PIERNEEF

J. H. Pierneef



Doopnaam Jacobus Hendrik Pierneef

Geboorte [13 Augustus 1886; Pretoria](#)

Afsterwe [4 Oktober 1957; Pretoria](#)

J. H. Pierneef (gewoonlik slegs verwys na as Pierneef, 1886 - 1957) was 'n Suid-Afrikaanse landskapkunstenaar en word algemeen beskou as een van die beste ou Suid-Afrikaanse meesters. Sy kenmerkende styl word wyd herken en sy werk is grootliks deur die Suid-Afrikaanse landskap beïnvloed.

Baie van sy kunswerke is van die Suid-Afrikaanse hoëveld, waarin hy ook 'n lewenslange inspirasie gevind het. Pierneef se styl was om die landskap tot meetkundige strukture te reducer, deur plat vlakke, lyne en kleur te gebruik om die harmonie en orde in natuur voor te stel.

INHOUD

- [1 Lewensbeskrywing](#)
- [2 Kunsloopbaan](#)
- [3 Toekennings](#)
- [4 Galery](#)
- [5 Nalatenskap](#)
- [6 Sien ook](#)
- [7 Bronnellys en verwysings](#)

Pierneef is in [Pretoria](#) as een van ses kinders gebore aan Gerrit Pierneef en Neeske Christiane Buser. Gerrit Pierneef was 'n meesterbouer van Nederlandse afkoms terwyl sy vrou en Neeske van Voortrekkersafkoms was. Tydens [Tweede Vryheidsoorlog](#) het Gerrit 'n hulppolisiemag in Pretoria opgestel. Met Lord Roberts se besetting van die stad moes Gerrit Pierneef kies tussen gevangenskap of deportasie. Die gesin het in April 1901 na [Nederland](#) verhuis, maar sou in 1902 weer na Suid-Afrika terugkeer. In Nederland het sy ouers behandeling kon soek vir Pierneef se regterbeen; hy het aan rumatiekkoors gely en dit het veroorsaak dat sy regterbeen korter as sy linkerbeen is.

Hy het in 1910 teen sy ouers se wense met Agatha Delen getrou, 'n vrou wat 12 jaar ouer as hy is. Agatha het aan 'n geestesversteuring gely wat in die volgende tien jaar sou vererger en sy het later begin om haar sig te verloor. Haar toenemende afhanklikheid van Pierneef het hom harder laat werk, hy het die land deurgevoer om lesings te gee en uitstallings te hou.

Tydens 'n werk vir eine Mr. Johan Schoeman, as deel van 'n advertensieprojek om grond rondom [Hartbeespoortdam](#) te verkoop, het hy by die Agnes-hotel gebly. Hier het hy sy toekomstige tweede vrou ontmoet: 'n Nederlandse vrou genaamd Marian Frances Schoop, beter bekend as May. Pierneef het in 1923 van Agatha geskei en in 1924 met May getrou. Die paartjie het in April 1927 aan 'n dogter, Marita Jennifer, geboorte geskenk.

In die veertigerjare het Pierneef se ma, sy peetpa, sy gewese vrou en 'n goeie vriend gesterf. Sy dogter emigreer ook na haar troue en Pierneef se gesondheid begin agteruit gaan. Hy oorleef 'n hartaanval in die tydperk, maar sterf op [4 Oktober 1957](#) in Pretoria.

KUNSLOOPBAAN




Anton van Wouw, Pierneef se peetpa, het hom aangemoedig om sy kuns te beoefen en later saam met hom uitgestal.

Pierneef het sy eerste kunsklasse (saam met toekomstige kunstenaars Cordon Leith en Fanie Eloff) by die hoër [Staatsmodelschool](#) in Pretoria bygewoon. Daar het sy onderwyser, J.F. Hondius, sy voorliefde vir die platteland aangemoedig. 'n Ander onderwyser, dr. H.G. Breyer, het sy leerlinge die veld ingeneem om hulle meer oor natuurwetenskap te leer. Met sy gesin se terugkeer na Nederland het hy oorspronklik deeltjys in 'n verffabriek in Hilversum gewerk en snags tekenklasse van 'n ou argitek ontvang. In die verffabriek het hy geleer hoe om verskillende soorte verwe te meng een aan te wend. Die gesin het na 10 maande na Rotterdam verhuis vir hul kinders se mediese behandeling (Pierneef het ook 'n suster gehad wat ook mediese sorg benodig het). Alhoewel sy ouers wou hê dat hy 'n dominee moes word, het hy aan die Rotterdamse Kunsakademie gestudeer. Daar het hy kennis gemaak met die

werke van die ou meesters, wat 'n blywende indruk op hom gemaak het. Hy het ook met gipsmodelle geëksperimenteer en letterskilderwerk aangeleer.


Hy het op 18-jarige ouderdom saam met sy gesin na Pretoria teruggekeer, vasberade om argitektuur te studeer. Sy ouers se finansiële ontberings het hom egter genoodsaak om 'n werk in 'n tabakwinkel aan te neem, waarin sy pa 'n vennoot was. Hy het egter volgehou om kunstegnieke te studeer en het gevinstige kunstenaars ontmoet en aanmoediging van hulle ontvang. Onder hierdie kunstenaars was sy peetoom, [Anton van Wouw](#), asook Hugo Naudé, Frans Oerder en die Ierse kunstenaar George Smithard. Hy het tussen 1905 en 1908 van Oerder onderrig ontvang in skilderwerk en na 1908 van Smithard onderrig ontvang in grafiese mediums soos etsing en linosee. Dit was Smithard wat hom aangemoedig het om sy eie skilderstyl te ontwikkel en nie bloot Europese kunstenaars na te boots nie.

Sy eerste openbare uitstalling was saam met Van Wouw en Naudé in 1902. Van Wouw het bronsstandbeeld uitgestal en Naudé het, nes Pierneef, skilderye uitgestal. Die uitstalling is deur 'n aantal bekende persoonlikhede besoek en Pierneef se werk is oor die algemeen goed ontvang. Na 'n onderonsie tussen sy pa en dié se vennoot het Pierneef in 1908 'n werk as assistent by Staatsbiblioek aangeneem; hy het nagskofte gewerk en oordag in sy studio geverf.



Geloftekerk (1938) het deel van [Huisgenoot](#) se Gedenkuitgawe van die Groot Trek gevorm.

In 1910 verkoop hy sy eerste olieverfskildery aan die kunshandelaar Emil Schweikerdt: 'n *Blik op Meintjieskop*, teen 'n prys van R6,30. In 1911 het hy by 'n groep Pretoriase kunstenaars aangesluit, Die Individualiste, en saam met hulle aan nog 'n groepsuitstalling deelgeneem: hy het twee etse uitgestal wat beide verkoop het. Hy het sy eerste solo-uitstalling in 1913 gehou. Die kritici het hom geprys en sommige het hom selfs as 'n genie beskryf. Sy tweede solo-uitstalling is twee jaar later gehou en ook goed ontvang. Hy het in hierdie periode ook 'n aantal stofomslae en illustrasies vir boeke en tydskrifte gemaak, waaronder [Die Brandwag](#) in 1917 en [The Independent](#) in 1919.



Rustenburgkloof, een van die panele wat Pierneef vir die Johannesburg-stasie geskep het.

In 1918 het Pierneef sy werk by die Staatsbiblioteek gelos en 'n loopbaan as 'n kunsdosent by die Heidelbergse Kollege (in Suid-Afrika) begin. In die daaropvolgende jaar het hy ook begin om tekenklasse by die Pretoria Kollege te gee. Hierdie posisies het hom die geleentheid gegun om op sy kuns te fokus en in 1920 en 1921 het hy aan baie solo- en groepsuitstalling deelgeneem. Een van hierdie was 'n belangrike uitstalling in Pretoria, waar Pierneef meer as 300 werke in verskeie medium uitgestal het. Pierneef het in hierdie tyd begin het om hoe aansien as kunstenaar te geniet.

In 1923 het Pierneef as dosent bedank, as gevolg van meningsverskille met die Departement van Onderrig rakende die skoolkurrikulum: die stelsel was gebaseer op die Engelse stelsel, maar Pierneef het gevoel dat Suid-Afrikaners hulle eie styl moes ontwikkel en hulle eie stel reëls moes hê om te volg. Hy het hierdie idee benadruk tydens 'n lesing in [Bloemfontein](#), waar het die belang van 'n individuele en eg-Suid-Afrikaanse kunsstyl beklemtoon het. Hy het ook na die [Boesmans](#) (San) se kuns verwys, menende dat dit besonder met die Suid-Afrikaanse omgewing rym.



Suidwes-Afrikaanse landskap met termiethoop, sambreelbome en berge in die agtergrond (1935)

Pierneef het nie 'n ander onderrigposisie aangeneem nie, maar begin om voltyds te verf. Benewens skilderye het hy ook pastelwerke, tekeninge, lino-sneë en etse geskep. Hy het ook aangehou om illustrasies vir Afrikaanse tydskrifte te skep en selfs gedigte geskryf. Hy het Suidwes-Afrika (tans [Namibië](#)) van 1923 tot 1924 besoek. Daar het hy talle sketse gemaak wat hy later as skilderye in sy studio sou voltooi. Hierdie skilderye word dikwels onder sy beste werke gereken. In Suidwes-Afrika het hy ook vriend geraak met die bekende diereskilder [Hans Anton Aschenborn](#).

Ondanks die kritici se erkenning was Pierneef steeds nie finansieel suksesvol nie en was hy genoodsaak om ander werk te soek om sy sak aan te vul. Saam met sy vrou, May, het Pierneef Europa van 1925 tot 1926 besoek. Hy het die tyd gebruik om sy kuns te bevorder en die nuutste kunsbewegings te studeer. Binne die eerste week het 'n paar lino-sneë aan die Victoria and Albert-museum verkoop. Hy het ook 'n solo-uitstalling in Nederland gehou, waar sy [Boesmantekeninge](#) aandag getrek het. Hier het Pierneef ook kennis met die [impressionistiese kuns](#). Hy het ook [Parys](#), [Berlyn](#), [Antwerpen](#), [München](#) en [Düsseldorf](#) besoek, waar hy in aanraking met met [moderne kuns](#) gekom het.

Die paartjie het aan die begin van 1926 met 'n Nederlandse vragskip terug gevaaar, deur die [Middellandse See](#) en [Rooi See](#), suid langs die ooskus van [Afrika](#). Dié reis het Pierneef die geleentheid gebied om hawetonele te teken en te

skilder en te eksperimenteer met die impressionistiese styl wat hy in Europa raakgeloop het. Baie van hierdie werke is vandag in die Johannesburgse Kunsmuseum te sien.

In die begin van 1926 reis Pierneef en sy vrou op 'n stadige Nederlandse vragboot deur die Middellandse See en Rooi See, en al teen die ooskus van Afrika af suidwaarts, wat hom die kans bied om plek-plek hawetonele te teken en te skilder.



Pierneef se abstrakte werke het hewige kritiek gelok en hy het uiteindelik na sy tradisionele styl teruggekeer.

Pierneef het in 1927 'n baie suksesvolle uitstalling van 86 van sy werke in Pretoria gehou. Tydens 'n solo-uitstalling die volgende jaar het hy 'n aantal van sy meer moderne, abstrakte werke uitgestal. Alhoewel die werk as impressionisties beskryf kan word, het Pierneef egter nie werklik op indrukke en optiese verskynsels gekonsentreer nie, maar eerder die Suid-Afrikaanse landskap in 'n logies geordende en geometriese komposisie geabstraheer. Vir hierdie geometriese komposisies is hy veral deur die Hollandse kunstenaar Willem van Konijnenburg beïnvloed. Ook was Pierneef se werk nooit werklik abstrak nie, maar het hy meer op die dekoratiewe moontlikhede van geometriese vorme gekonsentreer. Hierdie nuwe werke, wat deur sommige as "futuristies" beskryf is, het egter sulke slechte resensies ontvang (ook van Anton van Wouw) dat hy na sy ou styl teruggekeer het.

Sy kleurpalet hoofsaaklik uit sonverbliekte pastelkleure soos sagte bloue, okers en pienk bestaan, alhoewel hy soms ook helder kleure soos blou, pers en oranje gebruik het. Hy het landskappe van verskillende dele van Suid-Afrika geskilder, maar was meer vertroud met die Transvaalse Bosveld en die skilderye wat in dié deel van die land uitgevoer is word as sy beste werke beskou.

In 1929 is Pierneef opdrag gegee om 32 panele vir die binnekant van die nuwe Johannesburgse stasie te skep, 'n taak wat hy in 1932 voltooi het. Hierdie 32 werke beeld natuurtonele en geskiedkundige Suid-Afrikaanse plekke uit. Die panele kan vandag steeds in [Graaff-Reinet](#) besigtig word en word dikwels as van sy beste werke beskou. In 1933 het hy ook opdrag ontvang om sewe muurskilderye vir die Suid-Afrika Huis, die Suid-Afrikaanse ambassade in [Londen](#), te skep. Hy het hierdie opdrag in 1934 voltooi en die werke het weereens Suid-Afrikaanse natuurtonele uitgebeeld.

In 1939 het Pierneef 'n plaas oos van Pretoria gekoop wat beide as woning en ateljee gedien het. Pierneef het self sy huis uit klip en dekstrooi in die vorm van 'n kraal gebou. Die naam van die plaas was "Elangeni", wat beteken "waar die sonskyn by die hek is". Die perseel is vandag in Moepelstraat, Lynnwood. Hier het hy se laaste jare deurgebring. Sy laaste werk was in 1955: 'n ontwerp vir die wapen van die Laerskool Pierneef in Pretoria, wat 'n kameeldoringboom uitbeeld.


In 1951 het Emil Schweickerdt, aan wie Pierneef sy eerste olieverfskildery verkoop het en toe aan die hoof van E Schweickerdt (Edms) Bpk was, 'n aantal van sy werke in verskeie tydskrifte en boeke gereproduseer

TOEKENNINGS

Pierneef het talle toekennings en ere-toekennings in sy lewe ontvang, waaronder:

- 1935 - Die Medalje vir Visuele Kunste vir sy panele en muurskildery in die Johannesburg-stasie en Suid-Afrika huis.
- 1951 - Eredoktoraat aan die Universiteit van Natal
- 1957 - Eredoktoraat van Filosofie aan die Universiteit van Pretoria
- 1957 - Erelidmaatskap by die [Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns](#).

GALERY



Die Groot Trek (1938)



Rooiplaatplaas, Noord-Transvaal - Sonopkoms (1925)



Mont-aux-Sorces (1925-1932)



Dar-es-Salaam (1926)



• *'n Somersmiddag, Bosveld (1928)*



• *Naak (1934)*



• *Watermeule naby Stellenbosch (1944)*



• *Hardkoolbome - Bosveld (1945)*



• *Akasiabome in die veld (1954)*



Die Kremetartboom (1934) is in 2008 vir £826 400 verkoop

Pierneef se werk kan in talle private, korporatiewe en publieke versamelings gesien word, waaronder die Africana Museum, Durbanse Kunsmuseum, Johannesburgse Kunsmuseum, die Pierneef-museum en die [Pretoriase Kunsmuseum](#).

Pierneef se dogter, Marita ("Miekie") Bailey, en haar man het in die sewentigerjare die Bailey-versameling gestig, wat uit 'n groot aantal van Pierneef se werke en persoonlike besittings bestaan. Sommige van die werke was reeds in hul besit, maar 'n aantal is deur hulle uit verskeie plekke verwerf. 'n Deel van die versameling is deur die destydse Departement van Nasionale Opvoeding gekoop en in die Pretoriase Kunsmuseum gehuisves: dit het bestaan uit sowat 600 werke in verskillende mediums, 300 persoonlike besittings, 300 geskiedkundige foto's en 150 geskreve artikels. Die res van die versameling (ongeveer 350 items) is in 'n openbare uitstalling geplaas in 'n galerij wat vir hierdie doel in Stellenbosch geskep is (die Baileys het in [Stellenbosch](#) gewoon). In 1980 het die Departement die res van die versameling ook gekoop, met die doel om uiteindelik 'n Pierneef-museum te skep. Die versameling is weer in 1984 vir veilige bewaring aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum oorgedra en verplaas na die Pierneef-museum in die Leendert te Groen-gebou in Vermeulenstraat, Pretoria. Buiten die 347 kunswerke, wat olie- en waterverfskilderye, potloodtekeninge, etse, pastelle, kool- en inktekeninge insluit, bevat die versameling ook van die Pierneef-familie se persoonlike besittings in, soos plaaslik vervaardigde meubels van inheemse hout en Pierneef se verfkwaste, esel en etspers. Dié versameling is die enigste in die Suid-Afrika wat so 'n volledige oorsig van 'n kunstenaar se werk gee.

In [2008](#) is 'n skildery van Pierneef, "Die Kremetartboom", by 'n veiling in [Londen](#) vir £826 400 (R11,8-miljoen) verkoop. Dit is die hoogste prys wat tot op hede vir 'n Suid-Afrikaanse kunswerk betaal is. Die skildery is waarskynlik in 1934 geskilder waarna Pierneef die werk aan die Suid-Afrikaanse Hoë-Kommissaris in die [Verenigde Koninkryk](#), Charles te Water, oorhandig het nadat Te Water Pierneef se ateljee besoek het en die toe onvoltooide skildery bewonder het en hom aangemoedig het om dit te voltooi.¹¹

*Van Pretoria tot Perigueux, en 'n lewe wat (om) 'n maag draai
Onderhouvoerde en resensent: Christo Lombaard; respondent: Anita Viljoen*

'n Tyd gelede het 'n groepie Suid-Afrikaanse skilders 'n tyd lank in Frankryk gaan werk. Die resultaat van die besoek is van 16 tot 29 April vanjaar uitgestal in Galery 20/20 in Pretoria, onder die titel *Van Pretoria tot Perigueux*. Hieronder volg 'n kort onderhoud met een van die uitstallers, Anita Viljoen, asook 'n bespreking van een van haar kunswerke.



Lombaard: Baie geluk met die uitstalling. Hoe het hierdie hele projek ontwikkel? Hoe het jy daarby betrokke geraak?

Viljoen: Mimmie van der Merwe het 'n paar jaar gelede 'n toer na Frankryk onderneem, en dit het so lekker geklink dat ek my naam opgesit het vir verlede jaar se toer. Ons was 18 in die groep, waarvan 15 kunstenaars was. Elkeen het sy eie styl en tegniek en sodoende is daar ook so 'n wye verskeidenheid van werk geskep.

Ek het die dorpies en straatjies in die Dordogne mooi gevind, maar kon net geen inspirasie daaruit kry nie. Die dorpie waar ek uiteindelik daardie inspirasie gekry het, was Aubeterre. 'n Fantasties plek teen 'n berg wat uitkyk oor die Dronnevallei. Ons het 'n hele dag in Aubeterre spandeer tussen die kerke, Chateau en winkeltjies.

Lombaard: Vertel ons oor kreatiwiteit, en hoe die dinge by jou werk as jy aan't skilder, skep of voorberei daarvoor is...?

Viljoen: Hierdie werke op die uitstalling is van die min stukke wat regtig ontstaan het na 'n afbeelding van iets anders. Meestal werk ek heeltemal anders (ek praat nou spesifiek van olies en akrielle).

Die skildery begin met spirit shapes - toevallige lyne en vorms word oor die doek of papier getrek om sodoende beeld te skep. Hierdie beeld is onbeplan en dit gebeur net. Uit hierdie vorms en lyne kom my eie beeld, en projekteer ek dus nou my eie persoonlike simbole. Iets te make met Jung se kollktiewe onbewuste, of wat Andre Breton genoem het: 'psychic automatism , the procedures of invoking an image by chance association and doodling."

Die kreatiewe proses en persoonlike groei deur die skildery is belangriker as die eind-produk. As ek kyk na van my vorige werke, kom die vis en hond nogal gereeld voor. Visse is skatte uit die see wat die psige simboliseer. Die vis beteken onder ander ook hergeboorte. Die spirituele in kontras met die materiele , die liggam. Ook soms 'n wese (vroulik), wat 'n engel of beskermer kan wees. Op 'n stadium, terwyl ek swanger was, het ek baie labirinte geskilder. Vir my is dit maar 'n persoonlike soeke na antwoorde en oplossings.

Lombaard: Hoe sien jy die rol van die kunstenaar in die samelewing?

Viljoen: Ek dink die kunstenaar het net soveel verantwoordelikheid teenoor die samelewing as die joernalis. Elkeen lever verslag op sy manier. Dit wat die kunstenaar skep is tog wat hy/sy beleef en hoe hy/sy die samelewing sien.

Die kyker en luisteraar moet egter ook verantwoordelikheid neem, en nie verwag dat als ter wille van hulle gesensor of mooi gemaak moet word nie.

[Skakel gerus met Anita Viljoen by: picturetank@mweb.co.za.]

Regs bo op hierdie blad is 'n foto van een van Anita Viljoen se skilderye, getiteld *Labirint*. (Klik gerus op die foto, en dit sal op jou rekenaarskerm vergroot.)

Hierdie skildery reflektereer iets wat reeds uit die onderhoud hierbo na vore gekom het: dat Viljoen tydens haar swangerskap, onwillekeurig, labirinte op haar werke ingeskilder het. Dit stel meteen die twee mees duidelijkste onderwerpe op hierdie skildery aan ons voor 'n swanger vrou, en die labirint op haar buik:

Die swanger vrou word amper emblematies voorgestel. Daar is geen geslagsmerkers nie; die vergrote buik domineer haar gewone vrou-wees; van gewone seksualiteit is hier nie hier sprake nie. Tog merk die swangerbuik juis hierdie mens as vrou. Haar vergrote bene, voete en linkerarm (haar regterarm is half versteek) onderstreep dit, en weerspieel verder ook iets wat die meeste vroue gedurende swangerskap beleef: hoedat die hele lyf uitswel en psigologies nog meer as fisiologies. Die beklemtoonde sirkelvorm van die buik is ook betekenisvol. Soos Gilman (1989:15) uitwys, is die sirkel lank reeds in die Christelik-Westerse skilderkuns simbool van die vroulike skeppingsgegewe, dikwels direk geassosieer met Eva. Die kleurskakering van die sirkelvorm herinner egter ook, meer modern, aan 'n foto van die aardbol, geneem vanuit die ruimte. Binne hierdie aard-sfeer kom (totdat ruimte-teleskope dalk eendag anders bewys) alle lewe voor. Die linkerarm wat die buik ondersteun teken daarom, dubbelsinnig, vir ons die versorgende

beskutting van die komende lewe deur die moeder (ook die skilder self, dus) en die versorging van alle lewe deur God. Om vir 'n oomblik die twee betekenisse te vermeng met die bekende Engelse kerklied: *she has the whole world in her hands*

Dit is bogenoemde psigologiese element wat in hierdie skildery voorop staan. Die skildery is gelaai met beelde van lewe, onsekerheid, mysterie, en onderweg-wees. Die labirint het verskeie konnotasies: om op 'n onsekere weg te wees; selfs om grens verdwaal te wees, binne iets, en jy kan nie buitentoe uitsien nie / 'n uitweg sien nie. Die labirint is egter terselfdertyd die madala-vorm, die antieke teken van lewe, maar ook van die geheimenis daarvan. Hier, met 'n naelstring wat vir ons oe blootgeale is, word ons en hierin het ons nie meer 'n keuse nie tot aanskouers gemaak van hoe die *geheimenis* van die lewe in die swangerbuik *werklikhed* word. Die gevleuelde voete is 'n teken van hoop: hier kom iets (klassiek die betekenis van vere). Soos was Hermes, die boodskapper van die Griekse gode, tyding moes bring, is dit hier ook teken van iets nog onbekends, tog reeds daar, wat binnekort sigbaar teenwoordig sal wees: 'n nuwe mens. Die uurglas toon dat die tyd aanbreek. Die uurglas is egter onvolmaak gekantel, en met te veel sand dat dit ooit volledig kan deurloop. Die driehoek- en reghoek-vormspel van die uurglas word verder gedomineer deur die sirkelvorm van buik en labirint/madala. Die feit van die lewe, en die mysterie daarvan, is dus groter as die tyd waarbinne die lewe gegiet is. Die 8-figuur van die vrou se buik en kop tesame, is binne Jungiaanse raamwerk 'n teken van ewigheid (geen begin of einde nie), want hierdie klem op die lewe en geheimenis versterk. Die swaai waarop die swanger vrou sit, suggereer laastens iets van die beweeglikheid van die situasie waarin sy verkeer, die onsekerheid, maar ook iets van ondersteuning wat haar verleen word, vanuit érens bokant, buite die visuele veld, waar die onsekerheid ganker is.


WAARDEVOL? JA. UNIEK? GMF.

OORSPRONKLIK? NOOIT!

2010-12-10 22:23

- Artikelopsies
- Deel
- Kry Volksblad op

Die Tamatieplukker deur Irma Stern.



[Foto's](#) · [Lesersfoto's](#) · [Volksblad in Foto's](#) [Stuur vir ons jou foto's](#) · [Stuur vir ons jou foto's](#)

Hoekom behaal Irma Stern se werk rekordpryse op veilings? Sy was dan nóg oorspronklik, nóg vernuwend? En daar is soveel ander plaaslike kunstenaars wat eerder pioniers was?...

RUDIE VAN RENSBURG ruik lont.

Die skilderye van Irma Stern het Suid-Afrikaanse kunsversamelaars vanjaar koorsig na hul tjekboeke laat gryp en miljoene rande is op veilings aan haar werke bestee.

In Londen het 'n Suid-Afrikaner meer as R26 miljoen vir haar Bahora-meisie betaal, 'n rekord vir 'n Suid-Afrikaanse skildery wat op 'n veiling verkoop is.

Daar is meer as R13 miljoen vir 'n Stern-stillewe betaal (die Suid-Afrikaanse rekord vir 'n stillewe) en twee ander is vir onderskeidelik meer as R11 miljoen en R8 miljoen van die hand gesit.

Dis hoog tyd dat Suid-Afrikaners hul eie "ou meesters" na waarde skat, word gesê. Maar dit is vreemd dat juis Stern se skilderye as die topverkopers uittroon...

Wêreldwyd is die topverkopers van twintigste eeuse kuns geskep deur mense wat waarlik uniek was: Picasso, Matisse, Miró, Dali, Pollock, Warhol, Johns en Rauschenberg, om maar 'n paar te noem.

Dié kunstenaars se werk was innoverend, vernuwend en oorspronklik, en hulle het só wêreldroem verwerf.

Dit is ook daarom dat internasionale versamelaars die hand diep in die sak steek vir hul kunswerke.

Deesdae word Suid-Afrikaanse kunstenaars soos William Kentridge en Marlene Dumas onder van die voorstes ter wêreld gereken. Maar geen van ons "ou meesters" het werklik die geleentheid gehad om 'n impak op die wêreldverhoog te maak nie.

Tog was daar kunstenaars wat kuns eie aan Suid-Afrika en Afrika geskep het en in dié konteks uniek was.

Jacob Pierneef was die pionier van ons moderne landskapkuns en het 'n nuwe visuele betekenis aan landskappe gegee met sy eiesoortige berge, bome en wolke.

Hy was ook die eerste landskapkunstenaar wat die skerp Suid-Afrikaanse sonlig tot sy reg kon laat kom in sy skilderye.

Maar hoewel sy kunswerke goeie pryse op veilings behaal, kom dit nie by die pryse wat vir Stern se werk opgedok word nie.

Nog twee plaaslike grotes wie se pryse ook nie naastenby by Stern s'n kan kers vashou nie, is Alexis Preller en Walter Battiss.

Preller het dalk 'n skeut surrealisme weg, maar sy vermoë om die Afrika-ervaring vir die kyker te visualiseer, was ongekend en uniek.

Die kunshistorikus Esmé Berman verwys daarna as "African mystique". Preller se visie is ongetwyfeld gevorm deur sy ervaring van die vasteland en het hom 'n eg Suid-Afrikaanse kunstenaar gemaak.

Na Battiss word soms verwys as 'n "kunstenaar sonder 'n styl". Destyds het kunskenners nie

geweet wat om te verwag voor 'n Battiss-uitstalling nie, want hy het styl, tegniek en materiale geëksperimenteer.

In die middel-veertigs het Battiss Suid-Afrikaanse rotskuns as basis vir sy werke ingespan en daardeur 'n nuwe dimensie in plaaslike kuns ingelui. Hoewel hy nie daarby gehou het nie, was hy sekerlik ons mees innoverende kunstenaar van die 20ste eeu. Sy Fook Island-kaperjolle was maar een voorbeeld van die uitinge van sy kreatiewe brein.

Daar is hoeveel ander kunstenaars wat die inspirasie vir hul skeppings uit Afrika geput het: Cecil Skotnes (hy was 'n student van Afrika-kuns en sy werke 'n weerspieëling van sy kundigheid daarvan); Gerard Sekoto (veral sy vroeëre werke); die surrealist Fred Page; die landskapkunstenaar Erik Laubscher – om maar net 'n paar uit te sonder.

Daarteenoor was Stern, en haar tydgenoot Maggie Laubser, navolgers van Duitse Ekspressionisme.

Stern het haar kunsopleiding hoofsaaklik in Duitsland gekry. In 1916, toe sy 22 jaar oud was, het sy Max Pechstein ontmoet.

Pechstein was 'n lid van Die Brücke-groep van kunstenaars, die inisieerders van 'n nuwe beweging in Duitsland wat later as Duitse Ekspressionisme bekend sou staan. Haar kuns het in dié styl tot vervulling gekom.

Om te sê Stern was 'n vurige navolger van dié beweging, is om dit versagtend te stel. Die kunshistorikus Frieda Harmsen sê daar is ongetwyfeld parallelle tussen Stern se werk en dié van Die Brücke-groep – en dit is dalk 'n onderskatting.

Vergelyk 'n mens byvoorbeeld Stern se reeks "Bather-skilderye" van 1965 (kort voordat sy oorlede is) met soortgelyke baaier-tonele wat tussen 1910 en 1913 in Duitsland deur Pechstein, Karl Schmidt-Rottluff en Ernst Ludwig Kirchner geskilder is, lyk dit na goeie nabootsings.

Stern en Maggie Laubser se Afrika-tonele kon nooit hul Duitse Ekspressionistiese kwaste ontsnap nie. Sekere van Laubser se werke sal beswaarlik op 'n uitstalling van Alexei von Jaw- lensky of Gabriele Münter van Duitsland onderskei kan word.

Hiermee beweer 'n mens nie dat Stern en Laubser nie uitstekende kunstenaars was nie. Trouens, albei verdiend sekerlik om onder ons voorste "ou meesters" te tel.

Maar dit is ook so dat albei kunstenaars in 'n breër kuns- konteks nie soos baie van hul landgenote uittroon as unieke of oorspronklike kunstenaars nie.

En dit laat die vraag ontstaan: Waarom behaal Stern se werk dan sulke astronomiese pryse op kunsveilings?

Die hoofrede hiervoor lê moontlik te vinde in die feit dat Stern een van die produktiefste Suid-Afrikaanse skilders van alle tye was. Volgens Berman het Stern in haar beroepsloopbaan van nagenoeg vyftig jaar 99 uitstellings gehou. Op elke uitstalling was gemiddeld tussen 80 en 100 skilderye.

Berman skat Stern het duisende skilderye geproduseer.

’n Mens sou kon redeneer dat ’n ooraanbod soos dié die prys van ’n produk huis nadelig sou beïnvloed. Maar in ’n kunsmark werk dinge anders. Veilinghuise bemark maar al te geesdriftig aan die waarde van ’n kunstenaar se werk as daar ’n oorvloed beskikbaar is – sonder om ’n onderskeid tussen goeie en swak werke te tref.

Niemand uit dié geledere sal immers wil sien hoe die Stern-soustrein ontspoor nie.

Dat versamelaars so maklik aan hul neuse gelei word, is ook nie verrassend nie. Dit is bekend dat versamelaars wêreldwyd nie huis uittroon as kenners nie, maar eerder emosionele besluite neem wanneer aankope gedoen word.

En as die veilinghuise sê Stern is ’n goeie belegging, wil almal sy Stern-skildery (natuurlik ook vir die prestige-waarde daarvan) bo die kaggel hang.

- Rudie van Rensburg is ’n oud-joernalis, kunstenaar en kunsliefhebber.
- Bronne: The Story of South African Painting deur Esmé Berman; Art & Artists of South Africa deur Esmé Berman; Expressionism – A Revolution in German Art deur Dietmar Elger; en Looking at South African Art deur Frieda Harmsen.
- E-pos ons by by@beeld.com.

LIFE

She was born in Schweitzer-Renecke, a small town in the [Transvaal](#), of German-Jewish parents. Her father was interned in a concentration camp by the British during the [South African War](#) because of his pro-Boer leanings.^[1] Irma and her younger brother, Rudi, were thus taken to [Cape Town](#) by their mother. After the war, the family returned to Germany and constant travel. This travel would influence Irma's work.

In 1913 Stern studied art in Germany at the [Weimar Academy](#), in 1914 at the [Levin-Funcke Studio](#) and notably from 1917 with [Max Pechstein](#), a founder of the [Novembergruppe](#). Stern was associated with the German Expressionist painters of this period. She held her first exhibition in Berlin in 1919. In 1920 Stern returned to Cape Town with her family where she was first derided and dismissed as an artist before becoming an established artist by the 1940s.

In 1926 she married Dr Johannes Prinz her former tutor, who subsequently became professor of German at the [University of Cape Town](#). They were divorced in 1934.

Irma Stern travelled extensively in Europe and explored Southern Africa, [Zanzibar](#) and the [Congo region](#). These trips provided a wide range of subject matter for her paintings and gave her opportunities to acquire and assemble an eclectic collection of artifacts for her home. Stern was to travel extensively in her lifetime: in 1930 to Madeira, in 1937 and 1938 to Dakar, Senegal, 1939 Zanzibar, 1942 Congo, 1945 Zanzibar, 1946 Central Africa, 1952 Madeira, 1955 Congo, 1960 Spain and 1963 France. Stern travelled extensively in South Africa, for example in 1926 to Swaziland and Pondoland, in 1933 to Namaqaland, in 1936 generally, and in 1941 to the Eastern Cape. In 1931 she visited [Madeira](#) and [Dakar](#), [Senegal](#),

in 1937 and 1938. Irma Stern refused to either travel or exhibit in [Germany](#) during the period 1933 - 1945. Instead, she undertook several exotic journeys into Africa; going to [Zanzibar](#) twice in 1939 and 1945 and then planned three trips to the [Congo region](#) in 1942, 1946 and 1955. These expeditions resulted in a wealth of artistic creativity and energy as well as the publication of two illustrated journals; *Congo* published in 1943 and *Zanzibar* in 1948.

Almost one hundred solo exhibitions were held during her lifetime both in South Africa and Europe: including Germany, France, Italy and England. Although accepted in Europe, her work was unappreciated at first in South Africa where critics derided her early exhibitions in the 1920s with reviews titled "Art of Miss Irma Stern - Ugliness as a cult".

The Irma Stern Museum was established in 1971 and is the house the artist lived in for almost four decades. She moved into *The Firs* in [Rondebosch](#) in 1927 and lived there until her death. Several of the rooms are furnished as she arranged them while upstairs there is a commercial gallery used by contemporary South African artists.

On the 8th of May 2000, one of her works sold at Sotheby's South Africa in Johannesburg for an all time record of R1.7 million.^[2] This record was soon broken, however, and in March 2007 Stern's work was sold for R6.6 million.^[3] Stern's Gladioli was sold for an all-time high of R13.3 million in October 2010^[4], but was then followed by the sale of Bahora Girl for R26.7 million later that month^[5] - both were also records for sales of South African art at the time. A new South African record was set in March 2011, when a Stern painting sold for R34 million at Bonham's, London.

[\[EDIT\]](#) GALLERY



Still life with African pot, Johans Borman Fine Art Gallery, [Cape Town](#) 1936

[\[EDIT\]](#) BIBLIOGRAPHY

- At home with Irma Stern; A guidebook to the UCT Irma Stern Museum, by Helene Smuts ISBN: 978 0 620 39702 5
- IRMA STERN: The Early Years (1894-1933), by Karel Schoeman ISBN: 0-86968-112-5
- PARADISE, THE JOURNAL and LETTERS (1917-1933) OF IRMA STERN EDITED WITH A COMMENTARY, by Neville Dubow ISBN: 1-874812-08-X
- IRMA STERN : A FEAST FOR THE EYE, by Marion Arnold ISBN: 0-620-19014-0
- HIDDEN TREASURES IRMA STERN HER BOOKS, PAINTED BOOK COVERS AND BOOKPLATES, by Irene Below ISBN : 0620-267275
- REMEMBERING IRMA. Irma Stern-a memoir with letters. ISBN : 1-919930-27-

Irma Stern - The Woman

Irma Stern was born in 1894 to German Jewish parents at Schweizer-Reneke, a small town in the North West Province of South Africa.

Her father, Samuel, and a brother, Leopald, had emigrated earlier in 1891 and established a thriving trading store and cattle farm. However, both brothers were interned during the Anglo Boer War (1899-1902) because of their pro Boer sympathies so Irma together with her young brother, Rudi, were taken by their mother, Henny (nee Fels) to Cape Town.

- After the war the children went to Germany with their parents and thus began a pattern of regular travel, which was to characterize and influence Irma's development as an artist and individual and continue throughout her adult life.

Although the family returned to South Africa for intermittent periods while Irma was growing up, they spent the years of the First World War (1914-1918) in Germany. Irma decided to become a painter and was supported in her decision by her parents.



She studied in Berlin and Weimer and met the Expressionist, Max Pechstein in 1916 who encouraged and influenced her work and helped arranged her first exhibition in Berlin before she returned to South Africa with her family in 1920. Initially derided and dismissed as an artist in Cape Town where her work was not understood by the conservative citizens, Irma Stern remained passionate to her vocation and was regarded as an established artist by the 1940s.

In 1926 she married Dr Johannes Prinz her former tutor, who subsequently became professor of German at the University of Cape Town. They were divorced in 1934.

A house named "The Firs" in Rosebank, Cape Town was bought for her by her parents in 1927 and remained her home until her death in 1966.

This house became the Irma Stern Museum in 1971. It was established by Trustees of her estate and is administered by the University of Cape Town. Three of the rooms are furnished as she arranged them; the sitting room, dining room and studio all demonstrate her unique style and eclectic taste as a collector. Upstairs there is a commercial gallery available for hire by contemporary South African artists. A temporary exhibition programme is arranged annually and visitors can enjoy the garden.

The museum, situated in Cecil Road, Rosebank, Cape Town, is open from Tuesday - Saturday: 10h00-17h00. A modest entrance fee is charged. Phone 685 5686 for further details.

Her travels as an adult

Irma Stern travelled extensively in Europe and explored Southern Africa, Zanzibar and the Congo. These trips provided a wide range of subject matter for her paintings and gave her opportunities to acquire and assemble an eclectic collection of artifacts for her home.

She journeyed to Swaziland and Natal in particular during the 1920's, producing two of her seminal works titled *Umgababa* and *The Hunt*, both of which can be viewed at the Museum.

In 1931 she visited Madeira and Dakar, Senegal, in 1937 and 1938.

A letter from the artist to friends in Johannesburg named Richard and Frieda Feldman, dated 26 June 1937, written from Brussels, describes some of these travel plans.

"... after Holland - a week in Paris for sights and hats and pictures... - then Salsburg Festspiele for a week - then Vienna. After that Italy - and I start working - there and in Marseille and on my back I am staying a month in Dakkar... We hope there will be no war - things are so unsettled just now."

Irma Stern refused to either travel or exhibit in Germany during the period 1933 - 1945. Instead, she undertook several exotic journeys into Africa; going to Zanzibar twice in 1939 and 1945 and then planned three trips to the Congo in 1942, 1946 and 1955. These expeditions resulted in a wealth of artistic creativity and energy as well as the publication of two illustrated journals; *Congo* published in 1943 and *Zanzibar* in 1948.

Two short quotes from the respective journals about her travels in Africa show how the artist enthusiastically responded to the new exotic environments.

"I am on the road to the interior of the Belgian Congo. The Congo has always been for me the symbol of Africa, the very heart of Africa. The sound "Congo" makes my blood dance, with the thrill of excitement; it sounds to me like distant native drums and a heavy tropical river flowing, its water gurgling in mystic depths."

In Zanzibar Irma Stern describes Indian women in purdah and Arab men wearing turbans and white robes. The food market was a daily delight where ".fish are brought in straight from the sea, huge skites, small vivid blue fish with yellow stripes,

silvery kinds, red roman, enormous lobsters as made of turquoise matrix, phantastic huge turtles-all came out of the tropical sea. The stall had a daily surprise of strange kinds of fruit and vegetables. A pale yellow grapefruit called ballunga intrigued me. When I opened it the flesh was a lovely pink embedded in a heavy woollen white... There is a variety of bananas, small yellow, large green, as long as a man's forearm, fat red bananas which are rich in flavour, thin twisted green bananas, long yellow looking bananas, gourds and pumpkins..."

Irma Stern - The Artist

Almost one hundred solo exhibitions were held during her lifetime both in South Africa and Europe: including Germany, France, Italy and England. Although accepted in Europe, her work was unappreciated at first in South Africa where critics derided her early exhibitions in the 1920s with reviews titled "*Art of Miss Irma Stern - Ugliness as a cult*".



Gradually Irma became acknowledged as an established artist and from the 1940s achieved success locally.

Her method of working in her studio demanded intense concentration. She often put up a sign saying "*Do not disturb*" and proceeded to paint while chain smoking and drinking strong black coffee. She generally framed her own work, packed exhibitions and arranged sales herself.

Apparently, when working on a portrait she would observe the model very closely, step back and view them through half closed eyes and aim to complete the painting in one sitting.

Irma described the process of art production as follows: "*I work a long time at a picture in my head... I never touch the canvas after it is finished.*"

Her style evolved over the years. A very versatile artist, she worked in a range of media including oils, water colour, gouache, charcoal as well as ceramics and sculpture.

Often the outline of a composition was delineated in blue. The use of thick paint sometimes applied with a palette knife creates a sense of emotional intensity expressed in the choice of subject matter, be it landscape, portrait or still life.

University of Cape Town,
Irma Stern Museum
is governed by the
University of Cape Town
and the Trustees of the
Irma Stern Estate

Ceramics

Examples of Irma's ceramics can be viewed in the studio. Created between 1949-1954, they include large earthenware jars and jugs as well as vases decorated with female figures and unglazed plates embellished with faces.


Irma Stern - The Collector


The home created by Irma is full of artifacts she collected on her numerous trips to Europe and various journeys in Africa.

The highlight of the African collection is the *Buli* stool, possibly acquired by the artist before 1935. Experts agree it was probably carved in the early 20th century by a master craftsman in the Congo, known as the Master of Buli.

Various collections assembled by Irma create an extraordinarily rich and highly individual domestic environment which reflect the artist's interests and tastes. The furniture, ceramics and textiles from many parts of the world including Europe, Africa and the East are not confined to a particular period. Instead artifacts date from classical and medieval times to those designed in the 19th and 20th centuries.

Irma's zest for life expressed in her love of abundant colour is evident everywhere in each of the rooms in which she lived, worked and enjoyed entertaining. Visitors to the museum can experience this uniquely furnished interior when viewing the sitting room, dining room and studio retained in the manner left by the artist.






DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKAANSE SKILDERKUNS I: VROEE SKILDERS

OPSOMMING

Die Suid-Afrikaanse skilderkuns - in die sin van skilderkuns wat deur Europa beïnvloed is - begin werklik eers in die begin van die negentiende eeu. Hierdie artikel volg die vroeë geskiedenis van die skilderkuns van 1655 tot die eerste helfte van die 20ste eeu.



Links: Pieter Wenning, Maleierstraat, Kaapstad, met Maleier in rooi fes. Regs: Jean Welz, Erdewerk en kasdeur. (SA Openbare Biblioteek.). © SESA


Die Suid-Afrikaanse skilderkuns - met 'n paar uitsonderings - begin in die eerste helfte van die negentiende eeu. Die oudste bekende skildery van die Hollandse nedersetting aan die Kaap is 'n waterverfskildery, tans in die Staatsargief in Den Haag, wat Tafelberg gesien vanuit Tafelbaai uitbeeld. Dit is vermoedelik in ongeveer 1655 geskilder. 'n Aantal kleurtekeninge deur reisigers en seemanne is bekend, maar nie die name van enige beroepskilders wat tydens van die tweede helfte van die sewentiende eeu of gedurende die agtziende eeu aan die Kaap gewoon het nie.

VROEE SKILDERS

In 1761 het J N von Dessen, die eerste Suid-Afrikaanse bibliofiel, sy indrukwekkende biblioteek asook 'n aantal Europese skilderye aan die Nederduits Hervormde Kerk bemaak. Die oudste Suid-Afrikaanse skildery wat bewaar gebly het, is waarskynlik die Wrak van De Vis, in 1740 geskilder. A Gordon-Brown skryf hierdie olieverfskildery toe aan die jong landmeter **Jurgen Leeuwenberg**. Behalwe die groot geskiedkundige waarde daarvan, is die skildery met sy oorheersende vrolike rooi kleure 'n bekoorlike voorbeeld van amateurkuns op sy beste. Dit toon die elegante Kaapstadse gemeenskap wat die wrak besoek.

Die belangrikste skilders wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu in Suid-Afrika geskilder het, was **W H Langschmidt** (1805-1866), die waterverfskilder **T W Bowler** (1813-1869) en die ontdekkingsreisiger **Thomas Baines** (1810-1875). Langschmidt se werk is beperk in getal. Esteties is sy belangrikste olieverfskilderye sy vreedsame Kaapstadse straattonele. Bowler, wat hoofsaaklik homself leer skilder het, was nogtans 'n hoogs bedreve skilder in olie- en waterverf. Sy Kaapse landskappe, dorpstonele en skepe, waardevol as geskiedkundige dokumente, het ook 'n romantiese bekoring. **W de Vignon van Alphen** (1815-1871) se waterverfskilderye van die Knysna-bos moet as kleurtekeninge beskou word. Hulle behoort tot die Suid-Afrikaanse grafiese kuns.

Hoewel Baines 'n beroepskilder was, moet hy in die eerste plek as ontdekkingsreisiger beskou word. Hy het in Engeland 'n vakleerlingskap net as huisskilder geloop, en sy skilderye met hul sterk kleure het altyd die beperkings en die aangename eenvoud van 'n negentiende-eeuse 'primitiewe' skilder vertoon. Benewens die uiters interessante motiewe (tonele uit die oorloë van 1851-1852 teen die swartes of van die ekspedisie na die Victoria-valle (1861-1864), en Namibiese landskap tonele), het sy werk artistieke verdienste. Ander skilders, soos **Frederick T I'Ons** (1802-1887), werkzaam in Grahamstad gedurende 1834-1887; **Abraham de Smidt** (1819-1908) en **H W Hermann** (1841-1916), het hoofsaaklik die lewe van hul tyd opgeteken: van groot geskiedkundige waarde, maar van weinig estetiese waarde.



W H F L Langschmidt, Langstraat, Kaapstad, 1850. (Fehr-versameling.). © SESA

A Gordon-Brown noem 17 Kaap-gebore 'beroepskunstenaars en onderwysers' in sy lys van 400 kunstenaars, wat hoofsaaklik bestaan uit staatsamptenare, sendelinge, reisigers en soldate mans wat gedurende drie eue tot 1875 prenterekords van Suid-Afrika gelaat het. As 'n reël is en word die negentiende eeuse litograaf, illustreerder of selfs kunsonderwyser meer as 'n vakman en nie as 'n kunstenaar in die eng sin van die woord beskou nie, selfs al kon hy realisties die natuur nateken.

Jan Ernst Abraham Volschenk (1853-1936) is dus die eerste Suid-Afrikaans-gebore kunstenaar wat as baanbreker op die gebied van die Suid-Afrikaanse landskapskilderkuns beskou kan word. Volschenk het homself geleer en het eers ná sy aftrede as rekenmeester op die ouderdom van 51 voltyds begin

skilder. Sy skilderye getuig van sy diepe liefde vir die Afrika-landskap, veral dié van die Langeberg-reeks. Hulle ly egter onder die kunstenaar se gebrek aan opleiding. Sy kleure lyk dikwels dof en word slegs opgehelder deur bykomende aksente wat deur die inbring van aalwyne met rooi blomme verskaf word.

Frans Oerder (1867-1944) is in Rotterdam gebore, waar hy professionele onderrig as skilder ontvang het. Hy het na Suid-Afrika gekom toe hy 23 jaar oud was. Gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog het hy die Republiekinse magte vergesel en sy sketse van hierdie tydperk is van groot geskiedkundige waarde. Oerder se kuns is van onewe waarde. Op sy beste toon sy skilderye en tekeninge hom as 'n kunstenaar wat stewig gevestig is in die groot tradisie van die Hollandse skilderkuns, en om hierdie rede van groot verdienste. Voorbeeld is sy selfportret in die Pretoriase Kunsmuseum en sy *Stillewe met wie* in die Nasionale Galery, Kaapstad.

Hugo Naudé (1869-1941) was werkzaam in Worcester (Kaap), waar hy gebore is. Met sy impressionistiese landskappe, byvoorbeeld Namakwaland se blomtonele, het hy geslaag as een van die eerste skilders om die kenmerkende lig van die Suid-Afrikaanse landskap uit te beeld.

Pieter Wenning (1873-1921), gebore in Den Haag, het sy Suid-Afrikaanse loopbaan as 'n boekhandelaar se assistent in Pretoria begin. Hy het eers op 43 voltyds begin skilder. Nogtans is hy Suid-Afrika se invloedrykste realistiese skilder van die begin van die twintigste eeu. Sy stillewes, landskappe en Kaapse tonele beïndruk met hul sensitiewe kleur en goed gebalanseerde komposisie, selfs al lyk sy styl soms agterlik vergeleke met sy tydgenote wat in Europa gewerk het.

Erich Mayer (1876-1960), uit Duitsland, het beskeie, konserwatiewe Transvaalse landskappe geskilder, asook tonele van die Boerelewe. Sy werk is in die eerste plek van geskiedkundige belang.

R Gwelo Goodman (1871-1939), in Engeland gebore, het na Suid-Afrika gekom toe hy 15 was. Hy het die skilderkuns in Parys bestudeer en die Suid-Afrikaanse publiek met sy akademiese, tegniese virtuositeit beïndruk. Sy pastelle is gewoonlik beter as sy olieverfskilderye, en sy kuns word meestal deur die treffende motiewe, tipies Suid-Afrikaans, gedra. Dit geld ook vir ander realistiese skilders van daardie generasie.

Van hulle moet melding gemaak word van **G S Smithard** (1873-1920), uit Engeland, wat vier groot muurpanele in die Pretoria-spoorwegstasie geskilder het; **Nita Spilhaus** (1878-1967), wat in landskappe met bome en blomme gespesialiseer het; **Allerley Glossop** (1871-1955), uit Engeland, goed bekend vir haar landelike tonele, dikwels in Natal; **G Crosland Robinson** (1858-1930), wat in 1895 in Kaapstad gevestig het en die beste portretskilder geword het (President Kruger, 1904) totdat die minder konserwatiewe Roworth oorgeneem het; en laastens **Tinus de Jongh** (1885-1942), uit Nederland, wat in sy eerste jare in Suid-Afrika, van 1921 af, bergtonele in die sober Hollandse styl geskilder het, maar spoedig toegegee het aan populêre smaak en kleurvolle landskaptonele met oordrewe ligeffekte aan die publiek gelewer het.

Edward Roworth (1880-1965), in Engeland gebore, het in 'n konserwatiewe, pre-impressionistiese manier óf in die styl van vroeë Engelse landskapskilders óf in navolging van die sewentiende-eeuse Hollandse skilderkuns geskilder. Hoewel hy in 'n leë roetine verval het, was hy 'n tegniese virtuoso en hoog op prys gestel as portretskilder. Hy het die ligeffekte van sy romantiese landskaptonele oorgedramatiseer, maar 'n paar van sy vroeë werke was van 'n hoë standaard.

Ruth Prowse (1883-1967), van Queenstown, het hoofsaaklik Kaapstadse straattonele en portrette in 'n ietwat donker palet, akademies in die beste sin van daardie woord, geskilder. In 1938 was sy, saam met Gregoire Boonzaier (in 1909 gebore), een van die gewildste landskapskilders, 'n stigterslid van die Nuwe Groep. Hierdie vereniging van beroepskunstenaars wat hoofsaaklik in die Kaap gebly het, het hulle ten doel gestel om die standaard van kuns en kunswaardering te verhoog. Die lede het egter nie 'n artistieke program gedeel nie. Die doel van die Nuwe Groep was wesenlik ekonomies, wat hoofsaaklik bereik sou word deur groepuitstallings te reël.

H Stratford Caldecott (1886-1919), in Kimberley gebore, het van 1912 tot 1923 in Parys gestudeer en gewerk. Hy het net 'n paar jaar voor sy vroeë dood in die Kaap geskilder. Hoewel hy nie baie skilderye gemaak het nie, is hulle van belang en waarde. Sy werk verteenwoordig Suid-Afrikaanse impressionisme op sy beste en is 'n oorspronklike en geslaagde poging om die lig van hierdie land uit te beeld, wat aansienlik verskil van dié van Frankryk wat die impressionistiese landskapskilders van Europa begeester het. Sy vrou, **Florence Zerffi** (gebore 1883, Londen), het, daarenteen, die sterk plaaslike lig vermy en 'n hoogs gedissiplineerde portret- en interieurskilder geword, wat van 1916 tot 1956 in Suid-Afrika gewerk het.



Strat Caldecott, Kragstasie. (Met vergunning van regter J W van Zyl.). © SESA

Jacob Hendrik Pierneef (1886-1957), in Pretoria gebore, was hoofsaaklik in Transvaal werksaam, en die Transvaalse landskap tonele, met hul stapelwolke en kenmerkende bome - inheems soos die akasia of die kremetart, of ingevoer soos die populier en bloekom - was die hoof tema van sy kuns. Hy het in Nederland studeer, asook by Oerder in Pretoria. Sy persoonlike styl was altyd streng reglynig; sy grafiese werk, veral sy houtsneë, was net so belangrik soos sy skilderye in olie en waterverf. In sy later jare het hy sy landskap tonele in 'n prismatiese manier wat aan die kubisme herinner, probeer stileer. Sy swakker skilderye, hoewel altyd dekoratief, lyk soms te droog en sonder gevoel. Sy reekse groot, gestileerde landskap tonele in die Johannesburgse spoorwegstasie weerspieël die essensiële karakter van baie dele van die land.

VROUWELIKE KUNSTENAARS

In die kort geskiedenis van Suid-Afrikaanse kuns het vroulike kunstenaars - nie net getalgewys nie - 'n belangrike rol gespeel. Die eerste van talle vroulike skilders was die Durban-gebore **Bertha Everard** (1873-1965). Sy is in Londen opgelei en het landskaptonele geskilder waarin sy post-impressionistiese idees van kleur en komposisie, sterk gesteun deur ritmiese grafiese patronen, ingebring het.

Twee ander vroulike kunstenaars, **Irma Stern** (1894-1966), in Schweizer-Reneke gebore, en **Maggie Laubser** (gebore 1886, Malmesbury-distrik), albei in Duitsland opgelei, het die ekspressionistiese skilderkuns na Suid-Afrika gebring. Albei moes groot probleme oorkom om die publiek, wat aan 'n realistiese, akademiese skilderstyl gewoond was, se guns te wen. Hoewel hul kuns tot dieselfde beweging behoort, verskil hul persoonlike style ontsettend baie.



Maggie Laubser, Oestyd in België, 1922. (SA Nasionale Galery.). © SESA

Irma Stern, die belangrikste koloris onder die Suid-Afrikaanse skilders van haar tyd, het 'n groot hoeveelheid werk nagelaat - die bestes van hoë gehalte. Haar reeks motiewe is wyd. Dit sluit in figuurskilderye en landskappe, geïnspireer deur haar reise na die Kongo, Zanzibar, Spanje en ander lande, maar haar eselskilderye het nooit bloot illustratief geword nie. Talle energiek geskilderde stillewes en ekspressionistiese portrette, asook 'n paar muurskilderings, getuig van haar kuns. Benewens 'n groot aantal tempera- en gouache-skilderye, het sy ook 'n paar beeldhouwerke en keramiekwerke gemaak.

Maggie Laubser se werk, daarenteen, bestaan hoofsaaklik uit figuur- en diereskilderye met 'n doelbewus primitiewe styl, almal relatief klein van formaat en tekenend van die landskap van die Wes-Kaap waar die kunstenaar die grootste deel van haar lewe deurgebring het. Sy het dikwels landelike tonele uit die lewe van die kleurlinge en vissers geskilder. Hoewel haar werk in haar later

jare baie onewe in gehalte geword het, het sy jonger skilders met haar styl en tipiese palet beïnvloed.

EKSPRESSIONISME

In teenstelling met die impressionisme en kubisme, speel die ekspressionistiese skilderkuns 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse kuns. Nog 'n verteenwoordiger van hierdie styl was die vroeg gestorwe **Wolf Kibel** (1903-1938). Sy styl is beïnvloed deur dié van Soutine, sy palet soms deur dié van Cézanne. Sy sensitiewe kleur en sy vreugde in eksperimente het sy plek in die Suid-Afrikaanse kuns verseker.

Prams Domsaitis (1880-1965), gebore in Oos-Pruise, het hom in Suid-Afrika gevestig toe hy al amper 70 jaar oud was. Nogtans het hy sy merk op die Suid-Afrikaanse kuns gelaat as 'n skilder van ekspressionistiese, droomagtige Karoo-landskappe en godsdienstige temas, sterk beïnvloed deur die styl van Georges Rouault. As laat-ekspressioniste kan **Frans Claerhout** (gebore 1919), sterk beïnvloed deur sy Vlaamse landgenoot Permeke, genoem word, asook die Indies-opgeleide **Zainab Reddy**, in 1930 gebore en in Durban werksaam.

Ander wat deur die ekspressionisme beïnvloed is, is **John Dronsfield** (1900-1951), portretskilder van bruinmense van die Kaap; **Fritz Krampe** (1913-1966), wat in 1950 na Suidwes-Afrika (nou Namibië) gekom het, en die skilder van sy wildewe geword het; **Russell Harvey** (1904-1963), 'n sensitieve en teruggetrokke maar diep menslike figuurskilder; **Gerard Sekoto** (in 1913 gebore), die eerste swart skilder van belang, wat op die lewe in die townships gekonsentreer het voordat hy in 1947 in Frankryk gaan woon het; en **Albert Adam** (gebore 1919, Kaapstad), wat die eerste kleurling-skilder was en groot ekspressionistiese krag vertoon het, beïnvloed deur Oskar Kokoschka. Hy het egter na Londen vertrek en nie weer teruggekeer nie.

Tot die jonger generasie van ekspressionistiese behoort ook **Carl Büchner** (gebore 1911), skilder en opvoeder, en **Judith Mason** (gebore 1938). Laasgenoemde, diep spiritueel in haar betrokkenheid by menslike probleme, huiwer nie om abstraksie en inkrustasie met *objets trouvés* soos stukkies been te gebruik nie. **Stanley Pinker** (gebore 1924) hou by 'n simboliese ekspressionisme wat Frans van oorsprong is.

SURREALISME

Die surrealiste styl word deur 'n paar skilders in Suid-Afrika verteenwoordig. Drie mans, van heelwat wisselende belang, kan genoem word. Die leier onder hulle is **Alexis Preller** (gebore 1911), 'n skilder met 'n ryk verbeelding wat deur die stamtradisies, lewe en kuns van die inheemse mense besiel is. **John Heath** (gebore 1915) is lief vir die kragtige skilderagtige stelling, maar bly dikwels grof in sy kleure. Die werk van sy leerling **Fred Page** (in 1908 gebore) is van belang vanweë die kunstenaar se oorspronklikheid van visie, hoewel dit beperk in uitset en karakter is omdat hy feitlik net in swart en wit skilder.

(Sien ook artikel: "Skilderkuns, Suid-Afrikaanse II - Die geskiedenis van: Aard".)

